



www.christelikemedia.org

# Die Betroubare Woord

# Gee dit deur

**Skrifstudies oor**

---

# 1 en 2 Timotheus en Titus

---

**Deur**

**Dr. D. Kempff**

# Inhoudsopgawe

**1 Timoteus 1 ........ 6**
Die oorgang raaksien ........ 6
Verkeerde en regte pad ........ 6
Werklik blye boodskap ........ 7
Tot dank aan God ........ 8

**1 Timoteus 2 ........ 9**
Gerig op kerk ........ 9
Gebed allerbelangriks ........ 9
Verhouding tot owerhede ........ 10
So allerwyds ........ 10
Die vrou in die oog ........ 11

**1 Timoteus 3 ........ 12**
Bepaalde konkrete sake ........ 12
Na vore om te dien ........ 13
Eise vir opsieners ........ 13
Eise vir diakens ........ 14
Vermelding van vroue ........ 14
Vastigheid en vashou ........ 15

**1 Timoteus 4 ........ 16**
Bedag wees! ........ 16
Iets plus Christus ........ 16
Behou andere — en jouself ........ 17
Noodsaaklike oefenprogram ........ 17
Bepaalde patroon ........ 18
Woord en oor ........ 18

**1 Timoteus 5 ........ 19**
Genade en natuur ........ 19
Teregwysings ........ 19
Weduwees in kerk ........ 20
Die las/eer van bediening ........ 21
Steeds onberispelik ........ 21

**1 Timoteus 6 ........ 22**
Slawe/knegte van Christus ........ 22
Vol beursies vir leë gedagtes ........ 22
Soek die blywende ........ 23
Al maar stry ........ 24
Tyd en toekoms ........ 25

**Titus 1 ........ 26**
Gesagvolle skrywe ........ 26
Ontbrekende aanvul ........ 26

Onberispelik ... 27
Ondersoek die beskuldiging ... 27
Kontraste ... 28
Ywer kan vals wees ... 29

**Titus 2 ... 29**

Mense wat werk ... 29
Lewende advertensie ... 30
Ortopraksie ... 30
Gesin en gemeente ... 31
Genade voed op ... 32

**Titus 3 ... 33**

Resepte en geregte ... 33
Beteueling nodig ... 33
Pak hierdie bouwerk ... 34
Hoofsin en bysin ... 34
Teken en inhoud ... 35
Twissieke mens ... 36
Genade ... 36

**2 Timoteus 1 ... 37**

Genade oorgedra ... 37
Iets beter as dit? ... 37
Goeie onderskeiding nodig ... 38
Roeping en toerusting ... 38
Anker van die geloof ... 39
Wat om na te teken ... 40
Om in te spring ... 40

**2 Timoteus 2 ... 40**

Kragstasie en kraglyn ... 40
Taak en toerusting ... 41
Beelde en insig ... 41
Heerlike tyding ... 42
Waarheid en dwaling ... 42
Moeilike opdrag ... 43

**2 Timoteus 3 ... 44**

Altyd stryd ... 44
Oppas vir afvalliges ... 44
Onderskei en afskei ... 45
Goed opgelei, aanhou stry ... 45
Tuis in die Skrifte ... 46
Wat ons alles moet leer ... 46

**2 Timoteus 4 ... 47**

Nooit klaar nie ... 47
Opdrag van bedienaars ... 48

Die dood deurgekyk ... 49
Mense weg, bystand gesoek ... 49
Lewe deur sterwe heen ... 50

**BOEKE wat geraadpleeg is/kan word: ... 51**

# 1 Timoteus 1

## *Die oorgang raaksien*

Die Christelike godsdiens bestaan nou reeds eeue lank. Met die bemoeiing van God met Israel as sy volk is daar 'n bykomende agtergrond van nog talle eeue. Christus se werk was wel 'n klimaks van baie jare maar tog ook 'n totaal nuwe begin. God se genadewerk is nie net tot een volk beperk nie. Dit stu voort na die eindes van die aarde. En van die tyd. Absoluut belangrik was daarby die oorgang van die eerste na die tweede geslag, van die begin na die voortduur, van die fondasies na die mure en vensters en dak. Daarmee het Paulus se brief aan Timoteus tot 'n hoë mate te doen.

Paulus is die skrywer en daarom staan sy naam reg aan die begin, want so is dit in dié tyd gedoen. Hy sê daarby ook wat hy is: apostel van Jesus Christus (1 Tim. 1:1). 'n Apostel was 'n grondlegger van die kerk. Een wat 'n oog- en oorgetuie was van die werk en optrede van die Here Jesus. Paulus was wel nie saam met die *Twaalf* tydens Christus se omwandelings nie. Tog het die Here Jesus aan hom verskyn (Hand. 9), is hy besonderlik toegerus (kyk 2 Kor. 12) en vir 'n spesifieke taak uitgestuur. Dis wat *apostel* eintlik beteken: *gestuurde.* En Paulus se taak was veral in heidenlande, al het hy telkemale, waar moontlik, onder die Jode begin (Hand. 9:5, 14). Maar as die Jode die Evangelie verwerp en hulleself nie die ewige lewe waardig ag nie (Hand. 13:46), gaan die lig deur na die heidene. So is verskeie oorgange te bemerk:

- Die ware godsdiens gaan uit oor die wêreld.
- Ander volkere sien ook die lig.
- Die grondleggers (apostels) val weg sodat die buitengewone plek maak vir die gewone.

Elders word Timoteus, medewerker van die apostel, net 'n *broeder* genoem (2 Kor. 1:1; Kol. 1:1; ook Heb. 13:23). Aan sy roeping was iets besonders en iets gewoons, sodat hy self in bepaalde sin 'n oorgangsfiguur is. Daar was 'n profesie oor hom (1 Tim. 1:18), 'n genadegawe deur dié profesie met handoplegging van die ouderlinge (1 Tim. 4:14) en van Paulus (2 Tim. 1:6). Maar sy werk en optrede word gekleur en bepaal deur medewerking van die gemeente: 'n goeie getuienis (Hand. 16:2) en ouderlinge wat naas Paulus betrokke was by sy afsondering tot diens en sy toerusting. Timoteus het 'n besondere "amp" beklee (1 Tim. 4:13) maar het tog spesifiek werk in Efese gedoen (1 Tim. 1:3). Dit was noodsaaklik dat hierdie man op sy terrein sorg dra dat die gemeente van Christus reg gelei en stewig gebou word. Vind dit goed plaas op een plek en in een tyd, dan lyk die hoop vir die toekoms reg.

Paulus skryf aan Timoteus en deur hom aan die gemeente waarin hy werk. Hierdie brief het die Here as deel van die Nuwe Testament, as kanonieke geskrif, laat bewaar. Opdat die kerk van alle eeue daarvan kan leer en voordeel trek.

## *Verkeerde en regte pad*

Die Christelike godsdiens het uit die Joodse godsdiens voortgekom. Beide word bepaal deur die openbaring van God. Dan egter só dat God Hom voortgaande geopenbaar het (Heb. 1:1) en dat in Christus 'n afsluitingspunt en meteen 'n nuwe begin was. Dit wou die Jode nie aanvaar nie

en worstelinge hieroor het die begintyd van die kerk sterk gekleur. Verwysings hierna kom in baie van Paulus se briewe voor.

Die apostel sê aan Timoteus dat hy deur Christus gestuur is. Jesus (van Nasaret) is die Christus of beloofde Messias, maar meteen ook Here wat beskik en gebied oor sy kerk. Hy is ook die Hoop van die gemeente (1 Tim. 1:1) — wat aandui dat alle probleme nie nou opgelos word nie, dog ook dat Hy self borg staan vir die toekoms (kyk Kol. 1:27). Maar agter Christus as Middelaar staan God die Vader self. Veelbetekenend dat Paulus hier van God, Vader of Drie-enig, as Verlosser praat (1 Tim 1:1). Soos die Vader sy Seun gestuur het, stuur Christus sy knegte. Dit gaan om gehoorsaamheid en daarom ook die sprake van *bevel* (1 Tim. 1:1). As God praat, moet die kerk soos 'n soldaat op aandag staan en luister, dan salueer en omdraai om die werk te gaan doen.

Dit wou die Jode nie begryp nie. Hulle het nog vasgeklou aan die verbygegane reëling en het geweier om die vernuwing in Christus te aanvaar. Daarom stel Paulus die versoek dat Timoteus hierdie dwaalleraars op hulle verkeerde pad moet wys (1 Tim. 1:6 praat in die Grieks van 'n teiken mis skiet en op 'n afdraaipad gaan). Hierdie mense hou hulle stellig besig met storietjies oor geslagsregisters — stellig om op die Joodse afstamming te boog. En dis tog tevergeefs terwyl Jesus gekom het ter vervulling van die beloftes van God deur die eeue. Paulus verwys stellig na die *Tien gebooie* (1 Tim. 1:9-10), ook in die sondelys wat hy noem — waarby hy telkens 'n uiterste vorm van oortreding stel (bv. vadermoorders, wat heen-wys na 'n met-geweld-slaan; mensediewe). Die uiterste fout van die dwaalleraars is dat hulle wesenlik geen geestelike insig het nie (kyk 1 Tim. 6:20).

Dit was Timoteus se taak om hierdie mense teen te gaan. Paulus gebruik in die Grieks dieselfde grondwoord as hy die volgende sê:

... jy moet sekere persone *beveel* (1 Tim. 1:3);
... die doel van die *gebod* (1 Tim. 1:5);
... hierdie *boodskap* vertrou ek jou toe (1 Tim. 1:18).

Volgens die verband word dit verskillend vertaal. Veral vers 5 [1 Tim. 1:5] is tans vertaal as siende op die gebod of wet van God. Dit kan egter ook heenwys na Paulus se opdrag aan sy metgeselwerker: Al die spekulasies moet afgelê word en die mense moet eerder toesien dat die volle oorgawe in liefde, praktiese lewe (gewete) en vertroue op God tot sy reg kom.

## *Werklik blye boodskap*

Daar behoort geen twyfel by ware gelowiges te wees oor die suiwere pad van die lewe nie. God het aan sy kinders geopenbaar wat hulle moet doen. So was dit reeds in die Ou Testament. Maar God het verder gegaan: Hy het sy Seun gestuur (1 Tim. 1:15). Die bankrotskap van alle menslike pogings is daarmee duidelik oopgevlek, want Christus Jesus moes (van elders, van buite af) in die wêreld kom. Enige menslike ywer en inspanning — veral om deur wetsonderhouding iets te presteer — is tot volslae mislukking gedoem. Die (ewige) Woord van God moes (swakke) vlees word (Joh. 1:14) en wie deur die geloof Christus se arbeid as sy eie aanvaar, is vrygekoop van die mag van die sonde en dus gered.

Paulus sê nou (1 Tim. 1:15): "Dit is 'n betroubare Woord..." Daarmee dui hy stellig aan 'n sekere

uitspraak wat in die kerk van daardie dae bekend was of gebruik is. Veelseggend dat náás die Ou Testament wat dikwels in die N.T. aangehaal word, nou 'n uitspraak van of in die nuwe kerk en tyd vermeld word. Dis stellig nog 'n aanduiding van die oorgangsfase waarby die kerk van Christus kan vashou aan God se Woord. Verder is dit so dat dit nie net in die lug hang as 'n bewering of uitspraak nie, maar dat dit gegrond is in werklike gebeure. In wat Jesus Christus gedoen en met Hom gebeur het, en in wat daarna in en met die apostels plaasgevind het en deur hulle gesê is. Hulle is grondleggers en kan in dié sin eie ervaring as leerstof neerskryf — vir die kerk van toe en alle tye om profyt daaruit te haal. So iets geld nie meer vandag nie: dat God belewenisse van mense deel van sy openbaring maak.

Teenoor Timoteus meld die apostel duidelik die grootheid van sy sonde en sy skuld voor God. Die kontras met die dwaalleraars blyk ook duidelik. Paulus was ook eentyd 'n selfbehepte Jood wat gereken het hy kan deur wetsvervulling iets self verdien (Fil. 3). In dié proses het hy gereken hy bewys God 'n guns deur die Christene te vervolg. Maar hy besef, na sy ontmoeting met die Here Jesus op die pad na Damaskus, dat hy in waarheid 'n lasteraar, vervolger en geweldenaar was (1 Tim. 1:13). Nóú noem hy dit egter nie om homself te verontskuldig nie, want hy erken met sy skrywe nog sy verantwoordelikheid daarvoor. Die groot bevryding is egter dat iemand soos hy genade kon verkry en werklik 'n kind van God, selfs 'n apostel, kan wees (1 Tim. 1:15-16).

Dit is die ware Evangelie, die werklik blye boodskap: God het aan so 'n groot oortreder, wat selfs Christus teengestaan het sonder dat hy geweet het Hy is werklik Verlosser (1 Tim. 1:13), genade geskenk. Watter mens sou dus nog kan beweer dat daar vir hom geen hoop is nie?

## *Tot dank aan God*

Die Jode roem in hulle afstamming (geslagsregisters met twisvrae); hulle wil die wet nog altyd voorskryf as pad van verlossing (1 Tim. 1:4, 7). Wie egter deur die geloof Jesus Christus aangegryp het, is ook ontslae van selfgerigtheid en eie pogings. Daarmee kom God voor die visier van die lewe.

Geen wonder nie dat Paulus, na die belydenis van sy oortreding en bevryding, in dank en jubel uitbreek (1 Tim. 1:17). Hy roem in God wat alle eeue omvat — Hy beheer die geskiedenis, ook Christus se koms en deur Hom alle tye en mense. Daarom praat Paulus ook van die salige God (1 Tim. 1:11) — 'n uitdrukking net in 1 Timoteus (ook 1 Tim. 6:15) van God gebruik! Dit is tog wat die inhoud van die Evangelie is en waartoe die gelowige aanvaarding daarvan moet lei: om aan God eer te bewys, om vir Hom te lewe.

Dié les het Paulus in sy lewe geleer en Timoteus het dit van hom oorgeneem. Dwaalleraars weet dit nog nie. Selfs binne die Christelike kerk gebeur dit egter dat mense dit nog nie aanvaar of ten volle belewe nie. Daarom waarsku Paulus deur meer name te noem. Himeneus (weer in 2 Tim. 2:17) en Alexander (ook vermeld in Hand. 19:33).

En hoe gebeur dit? Onder meer deur in die praktyk van die lewe eers af te dwaal — om die goeie gewete en regte lewe weg te stoot (1 Tim. 1:19) en later dan wat die geloof betref, soos 'n losgeslane skip tot 'n wrak op die rotse te word. Christen-wees is nie maar net maklik glo en verder doen wat jy wil met 'n gedagte aan vergewing nie. Geloof beteken stryd (1 Tim. 1:18), bevele van God gehoorsaam. Daarom sê Paulus nie net met woorde dankie teenoor God nie,

maar is sy hele lewe een stuk oorgegewe dankbaarheidsbetoon.

So kom God tot sy reg in een menselewe, in 'n gemeente, in sy kerk deur die eeue. Daar is geen hoër eer vir die mens nie as dat hy in die bediening (diakonia soos Paulus sê in 1 Tim. 1:12) by God en voor God besig is.

# 1 Timoteus 2

## *Gerig op kerk*

Paulus skryf 'n brief aan Timoteus wat hy as sy geesteskind beskou. Maar deur hom is dit gerig aan die gemeente waarin hy werk. En deurdat dié brief in die Skrif opgeneem is, is dié adres die kerk van Christus in alle tye en plekke. Baie duidelik blyk dit in hierdie tweede hoofstuk van sy eerste brief: hier begin Paulus as apostel voorskrifte gee oor hoe sake in die gemeente van Christus moet verloop.

Voordat ons op die inhoud van die brief ingaan, is dit nodig om die aandag te vestig op dié feit dat dit onder meer handel oor die goeie orde van/in die kerk. Tereg is opgemerk (Knappe) dat die stryd om waarheid die belangrikste vir die gemeente is; wat die Gees werk, in besonder die geestelike lewe, geniet voorrang. Maar die inrigting van die kerklike lewe en die goeie orde daarvan mag nooit verwaarloos word nie. Sou dit gebeur, dan vervloei en verloop sake so maklik — kyk maar wat by sovele sektegroepe gebeur: dikwels 'n verwildering met verwarring of anders net versplintering.

Nie asof elke dingetjie in die besonder gereël word deur die apostels as grondleggers van die Christelike kerk se struktuur nie. Groot lyne of uitstaande beginsels word gelewer. En so behoort dit na regte te bly. Die kerk moet ordelik gereël word en nie wetlik bepaal word nie. Wee ook die kerk wat in kerkregtelike skolastisisme of oorbepaling, of 'n kerkregtisme verval.

## *Gebed allerbelangriks*

Die voorrang van die geestelike in die kerk en diens van God blyk duidelik uit die klem wat Paulus op die gebed lê (1 Tim. 2:1-2). Dit staan nie los van die gewone lewe nie, want die gebed geld die uiters praktiese en baie belangrike saak van die owerheid. Daarom gaan dit om die heiliging van die lewe, oor die regte benadering daarvan in diens van God. Die kerk het dié taak van gebed — en dit geld dan die kerk in sy struktuur of samekomste maar ook die individuele optrede, soos van vaders in hulle gesinne wat elkeen op sy manier ook besig is met openbare gebed (1 Tim. 2:8).

Meerdere woorde word dan gebruik om die aard of verskillende soorte van gebed aan te dui: smeking, gebed, voorbede, danksegging. Daar moet steeds gebid word, maar na gelang van tyd en omstandighede sal 'n wisseling in gebedsinhoud en -vorm voorkom. Daarom behoort die gebed op die kansel en om die huistafel nie net een patroon te hê nie.

Oor die verskillende woorde enkele gedagtes:

| | |
|---|---|
| *Smekinge.* | Dit gaan om konkrete node of behoeftes wat mense ervaar. |
| *Gebede.* | Die algemene woord, met dié gedagte van nadering tot God. |
| *Voorbede.* | Die toegang na God word gebruik, met iets soos 'n versoekskrif of adres wat voorgelê word. |
| *Danksegging.* | Blye erkenning dat God verhoring gegee het. |

Te skerp moet ons nie die lyne trek nie, omdat dit nie gebede onderskei nie. Eerder kan ons gewaar die ryke verskeidenheid wat ons gebede behoort te hê.

## *Verhouding tot owerhede*

Baie belangrik is dat Paulus hier spesifiek praat van die gebed vir die koning en hooggeplaaste mense. Dus vir die owerheid in al sy geledinge. Vanaf die keiser aan die top tot sy provinsiale verteenwoordigers en andere. Hierby kom die *tyd van die brief* as 'n gewigtige saak. Het Paulus dit self geskryf (soos ons aanvaar), dan was dit tydens *Nero* se regering. Daarby spring twee sake pertinent na vore:

- In die Romeinse ryk het die keiserkultus of aanbidding van die keiser as 'n god voorgekom. Die apostel skryf voor 'n gebed *vir* die keiser by die Here as God en Beskikker oor alles; nie 'n gebed *aan* die keiser nie. Dit bevat dus 'n afwysing van die afgodsdiens en van die aanbidding of verering van staatsowerhede as gode. Hulle is mense voor God, in diens van Hom wat oor alles regeer.
- Ongeag hoe die owerhede optree, moet vir hulle gebid word. Daarby wel dié gedagte dat ook hulle tot bekering kan kom (1 Tim. 2:4) — en wie van ons het al gebid dat staatsmanne wat die Godlose kommunisme of Marxisme aanhang die lig van die Evangelie moet sien? Maar in elke geval sien die apostel die owerhede as opdragnemers van God. Sou hulle reg optree, dan word ruimte geskep vir die gemeente (1 Tim. 2:2 : stil en rustige lewe) en kan godsvrug (met die oog na God) en waardigheid (verhouding tussen mense) tot hulle reg kom. Hierby kan ons gerus ons Geloofsbelydenis (art. 36) lees. Blote geweld en revolusionêre optrede teen die owerheid staan by implikasie ook hierin veroordeel.

## *So allerwyds*

Die slaanhou van hierdie Skrifgedeelte sal nooit goed besef word nie as ons miskyk hoe baie die woord *alle/almal* daarin voorkom — in die oorspronklike nog meer as in Afrikaans. Let maar op die volgende:

- In eerste plek (eerste van almal — in Grieks).
- Alle mense (1 Tim. 2:1).
- Almal hooggeplaas (1 Tim. 2:2).
- Alle mense gered word (1 Tim. 2:4).
- Losprys vir almal (1 Tim. 2:6).
- Manne moet op *elke* plek bid (1 Tim. 2:8).

Hierby moet op twee sake gewys word:

- Daar is mense wat die inhoud van hierdie en ander Skrifdele só vertolk in dié sin dat uiteindelik *alle mense* gered word: 'n universele verlossingsleer. Dit is dan in stryd met wat die Skrif elders stel oor die uitverkiesing van mense deur God en dat alleen dié wat glo die verlossing verkry. Kan ons so iets uit hierdie Skrifdele aflei?

  Nee. Elders spreek die Skrif duidelik dat alleen dié wat die lewensband met Christus het, ingaan in God se koninkryk. Verder is die Griekse taalgebruik in hierdie Skrifdeel so dat ons dit moet lees as: allerlei soorte mense, en nie net dié wat hulleself beter ag of op die voorgrond stoot nie.

- Die klem op die *almal* staan in skerp kontras met Joodse eksklusivisme — om die heil van God net tot hulle eie volk te wil beperk (kyk 1 Tim. 2:3-4). Daarom die klem op één God en één Middelaar. Want as daar geen ander God en geen ander pad van verlossing bestaan nie, moet alle mense hulle voor dié God stel en rekenskap gee. Skeidslyne ten opsigte van verlossing bestaan nie — Jode en Grieke of heidene, almal (in óns omstandighede: Blank en Swart) kan net verlos word deur die kruis en leë graf van Christus. Paulus se eie lewe getuig weer daarvan: hy het die gemeente vervolg in Joodse ywer, maar is deur God ingeruk en as apostel na die heidene geroep. Wie glo dat Jesus Christus die losprys vir hom betaal het, het die ewige lewe.

## *Die vrou in die oog*

Soms word dit Paulus verwyt dat hy as ongetroude man 'n skewe siening van of oor die vrou gehad het. Aan dié bewering hoef ons ons nie te steur nie, want hy was apostel van Christus wat deur die Gees van God gelei is in wat hy gesê of geskryf het.

So is daar mense wat hier Paulus se uitsprake oor die vrou wil afkraak omdat hy hom op skeppings/paradys-gegewens beroep. (Natuurlik sal diegene wat die skepping verwerp of die verhaal probeer aftakel, hier probleme optel!) Ons kan egter nie anders as om sy beroep op wat God in sy Woord (Ou Testament) gegee het, ernstig in ag te neem nie. Hy stel dan die primêre skepping van die man en dat die vrou haar laat verlei en oortree het — al is die man nie sonder die vrou (skepping) of al het die man ook oortree (val). Daarmee dui Paulus in elk geval 'n bepaalde gegewenheid van God se kant aan: die gesag en leiding berus by die man.

Betekenisvol is dat Paulus wel elders die eervolle plek en bydrae van die vrou in die kerk erken en inspan: hy skryf ook aan hulle, tel vroue as medewerkers, het meermale ervaar dat die gemeente onder vrouens begin (bv. Filippi — Hand. 16). In die weg van verlossing gaan die man dan ook nie aan die vrou vooraf nie — ook sy Ou-Testamentiese voorrang het na Christus se koms verdwyn (vrou/dogters word ook gedoop). Dit sal egter 'n kwade dag wees as 'n natuurlike ordening van God in sy kerk sommer afgereëel word — dit kan nie anders as om verwarring en verbystering te bring nie. Die heiliging van lewe in Christus beteken gesondmaking van natuurlike verhoudinge en nie die opheffing nie.

Nooit mag Christenvroue in die uitwendige andere probeer oortref nie (1 Tim. 2:9). Dis stellig 'n teregwysing vandag aan baie van ons kerkvroue wat van eredienste spoggeleenthede maak — of dalk as geleenthede tot demonstrasie vir allerlei veranderings wat hulle wil afdwing sonder

om 'n goeie en ordelike pad te loop. Vroue in Christus bevry moet eerder uitmunt in geloofsdeugde en -ywer. Eienaardig ook dat Paulus twee maal praat van *ingetoënheid* (1 Tim. 2:9, 15). En in hierdie lig moet ons sien die verwysing na haar moederskap.

Baie mense deur lang tye het al geworstel met die stelling aan Timoteus oor redding deur kindergeboorte. Nooit kan dit as 'n verdienstelike goeie werk gesien word nie. Want Paulus skryf te duidelik oor die een Middelaar, die mens Christus Jesus, en die losprys wat Hy is. Dit gaan dus oor gelowige vroue wat in Christus verlos is en die taak van moederskap nie meer as 'n vloek ervaar nie maar om deur geboortes die kerk te bou. Ons lees (1 Tim. 2:15): *"sy* sal gered word ... as *hulle* bly ..." Die *hulle* word dikwels van die *kinders* verstaan, maar dit skyn nie die regte uitleg te wees nie. Eerder dalk so dat die enkelvoud (sy) as 'n soort versamelbegrip gesien word.

Dit is wonderlik dat vroue in die weg van moederskap God kan dien. Treffend sê Calvyn hieroor: God ag die gehoorsaamheid hoër as 'n vrou haar roeping bekyk en haar onderwerp aan die bestemming wat God oplê en daarby nie weier *om* die naarheid van swangerskap, of siekte of moeilikheid of die huiweringwekkende marteling van die geboorte of die besorgdheid vir die kind te aanvaar nie. Dan eers is die baring 'n gehoorsaamheid, aangenaam voor God, as dit uit geloof en liefde voortkom.

Dink ons mans genoeg hieraan om ook die vroue in hulle moeilike weg van moederskap gelowig by te staan?

# 1 Timoteus 3

## *Bepaalde konkrete sake*

Die kerk van Christus bestaan onder die mense en uit mense. Daarom werk God gewoonlik vir die vestiging en uitbreiding van sy kerk deur die bemiddeling van mense. Alleen in uitsonderlike gevalle het God direk ingegryp — soos die hele werk van sy Seun, die aanwysing van 'n vyand soos Paulus om heiden-apostel te word, die toemaak van paaie vir Paulus en sy oorroep na Europa (Hand. 16:6-9). Verder kom dit meer neer op God se gebruikmaking van gewone sake en omstandighede — soos apostels wat briewe skryf aan sekere kerke en mense, oor vrae en probleme of om reëlings te tref.

Daarom verstaan ons dit ook dat die Christelike kerk nie in 'n finaal-afgewerkte gestalte uit die hemel gegee is nie. Dit het gegroei, geword, duideliker karakter verkry. Daarby is daar veral ontleen aan sekere patrone wat by die volk Israel bestaan het — volgens Ou-Testamentiese voorskrif of gebruike en inrigting van die sinagoge. Maar uit die Griekse wêreld kan moontlik ook invloede ingewerk het. Daar was 'n bepaalde ontwikkelingsgang waarvoor gegewens uit verskillende dele van die Nuwe Testament saamgelees moet word.

Paulus bied hier leiding aan Timoteus oor sekere ampsdraers. Die wyse van hulle aanwysing en hulle toerusting met gawes van geloof, word verswyg. Eintlik word gekonsentreer op die sedelike eise waaraan hulle moet voldoen en sekere benodigdhede vir hulle werk. Dit kom ook daarvandaan dat Paulus oor spesifieke sake aan die jong dienskneg wil skryf — 'n bepaalde

brief in 'n konkrete situasie. Dit is waarop ons in die uitleg gaan toespits.

## *Na vore om te dien*

Die groot saak (1 Tim. 3:1) wat Paulus wil stel, lei hy in deur weer (kyk 1 Tim. 1:15) te meld van 'n *betroubare woord.* Dit kan 'n bepaalde waarheid wees wat al in die Christelike kerk gegeld het en wat reeds in die Nuwe Bedeling vasstaan.

Dan kom voor die visier wat hy noem die *opsiener.* Uit die Griekse woord is die titel *biskop* afgelei. Sommiges sien hier die begin van die biskopstelsel: 'n hiërargiese of heerserstruktuur waar so een hoër is as ander kerklike werkers. Dit lyk egter eerder of dit aandui sy werk: besoek, toesien, sorg. Veelseggend dat Paulus (Hand. 20) aan die ouderlinge in Efese (waar Timoteus werk) die taak opdra om ag te gee op die kudde waaroor die Gees hulle as opsieners (episkopoi) aangewys het. In kerke is deur Paulus ook ouderlinge aangewys (Hand. 14:23) en by sy brief aan die Filippense (Fil. 1:1) is melding van ouderlinge en diakens.

Die amp van apostel (en sy helpers) was iets besonders vir die begintyd en vestiging van die kerk. Ook was daar besondere openbaringe en werkinge van die Gees (kyk Rom. 12:6-8). Mettertyd begin sake in meer gewone kanale loop en tree die hiervermelde ampsdraers na vore. Veelseggend dat van die mens se kant kan kom 'n begeerte om te dien: *verlang* na die amp sê iets van *uitstrek na.* Soos 'n jong man wat nou nog predikant wil word, hom daarvoor aanmeld. Dink hierby aan die worstelinge In die jong kerke en die gevare vir voorgangers in 'n vyandige wêreld. Dan sê dit baie as iemand as 't ware vorentoe tree met bereidwilligheid om te werk. En dis waaroor dit gaan: nie om 'n ereplek of statusposisie nie, maar om dienswerk in die kerk van Christus. Dit moet nog vandag ampsdraers kenmerk.

## *Eise vir opsieners*

Daar is bepaalde norme waaraan die lewe en optrede van 'n ouderling moet voldoen. Dit kan verwelkom word, sê Paulus, dat 'n man uitstaan en laat blyk hy wil graag dien. Ons sou dit as subjektiewe roeping kan aandui. Tog is nie elkeen geskik om ampsdraer te wees nie — hy moet na sigbare maatstawwe gemeet word. Daarop gaan ons vlugtig in.

- ***Onberispelik**.* Dit sê: onaangryplik, jy moet nie oor 'n verkeerde saak vat aan hom kry nie.
- ***Net een vrou hè**.* Teenoor veelwywery wat voorgekom het of selfs in die korrekte houding teenoor vroue (kyk Matt. 6:27-28 [? Matt. 5:27-28]) moet hy uitstaan.
- ***Nugter*** of sober in begeertes en teenoor weelde.
- ***Ingetoë*** sê dat hy nie aanstoot gee nie.
- ***Drinker of vegter*** — die eerste voer so maklik tot die tweede kwaad.
- ***Nie geldgierig nie**,* want hy kan dalk geroep word om gelde te beheer.
- ***Sorg vir eie huis*** is nodig en bewys van bekwaamheid om in die huis of gemeente van God sake reg te kan bestuur.
- ***Nie 'n nuweling nie**.* Dit dui aan die gemeente bestaan al 'n tyd en dit sal so een vrywaar van verheffing en ydelheid.
- ***Reg voor buitestaanders**.* Binne die kerk moet die verhoudinge reg wees, maar weens skade wat die gemeente na buite kan lei deur 'n slegte lewe, moet sy optrede

allesins voorbeeldig wees.

Interessant is wat deur Roomse Skrifuitleggers by hierdie deel gesê word. Daar is sprake van 'n *opsiener* (1 Tim. 3:2) en hulle wil dit lees van die *biskop* — terwyl dit stellig net in die algemeen wil praat oor 'n opsiener. Daarby is hulle egter in probleme omdat hierdie opsiener kan en mag trou (een vrou hê), terwyl hulle "geestelikes" geensins mag trou nie. Dan word gesê dat dit eers anders in die kerk was. Hierdie teks ondermyn egter hulle leerstuk van die selibaat (ongetroude staat).

## *Eise vir diakens*

Wat die ampsdraers in hulle taakvervulling moet doen, word ook by die diakens nie vermeld nie. Paulus dui eerder aan die voorwaardes waaraan hulle openbare optrede moet voldoen. Hier gaan dit nou bepaaldelik om die uitvoering van 'n sekere taak in die kerk. Want die woord *diaken* beteken letterlik: dienskneg en word in die algemeen vir dienswerk in die kerk gebruik. Selfs Christus sê Hy het gekom om te dien (Lukas 22:27). Die eise vir die diaken is onder meer:

- ***Waardig*** — eerbaar, agbaar, onbesproke.
- ***Nie uit twee monde*** — dubbeltongig, bedrieglik nie.
- ***'n Vuilgewinsoeker*** is skaamteloos belus op wins. Sommiges reken die eise is spesifiek so omdat diakens baie in die huise sou gekom het.
- ***Proeftyd**.* Soos ouderlinge ook nie nuwelinge mag wees nie, geld hier 'n diens met die geleentheid om beproefdheid te bewys.
- ***Vroue en huise**.* Wie in die gemeente wil dien, sal sy bekwaamheid moet toon in die hantering van sy eie gesinslede. Want wie in die kleiner kring nie sake kan reghou nie, sal verniet poog om dit in die groter gemeentegroep te doen.

'n Besondere iets is waar die apostel praat van die verborgenheid (misterie) van die geloof (1 Tim. 3:9, kyk 1 Tim. 3:16). Dis dan nie 'n geheimsinnige saak nie, want Paulus gebruik dit meermale om aan te dui: wat vóór Christus onbekend, nog bedek was, maar deur sy koms openbaar geword het. Dit sien dus op die geloofsbesit van die gemeente wat in Christus deur God geskenk is. Wat God egter gegee het en wat die mens self glo, moet deur 'n regte lewe blyk (in 'n rein gewete hou — kyk 1 Tim. 1:19). Daar is manne nodig vir dienswerk, dog aan hulle word hoë eise gestel. Dit is iets wat nog en juis vandag geld waar die kerk van Christus weer in 'n aangevegte posisie is.

## *Vermelding van vroue*

Die gebruik van bepaalde woorde deur 'n skrywer mag ons by Skrifstudie nie ontglip nie — selfs nie eens voegwoorde nie. Opvallend dat Paulus begin oor die opsieners of ouderlinge. Dan kom hy by die diakens en skryf: *Net so* (1 Tim. 3:8). En sê hy iets oor die vroue (1 Tim. 3:11), dan weer: *Net so.* Dit sluit dus nou by die vorige aan, maar het beslis sy eie klemtoon van belangrikheid.

Ridderbos sê dat die vroue op verskillende maniere opgevat word:

- Vroue van diakens.
- Vroulike diakens.

- Vroue en opsieners en diakens.
- Vroue as helpsters vir diakens.
- Vroue in die algemeen.

Dit sal moeilik wees om in kort bestek duidelikheid oor die hele saak te kry. Dis eienaardig dat voor en na vers 11 is sprake van diakens. Maar voor hierdie hoofstuk het Paulus ook 'n bepaalde plek en rol aan die vrou in die gemeente toegewys (hfst. 2). En wat hierna volg, handel eintlik oor die vrou/gesin van die diaken, terwyl die aard van diakenswerk so kan wees dat hy juis die hulp van 'n/sy vrou baie nodig het. Tog moet vermeld word dat Paulus van Fébé (Rom. 16:1) praat as 'n diaken, hoewel dit nie noodwendig 'n ampsaanduiding hoef te wees nie.

Calvyn sê dit geld vir die vroue van beide soorte ampsdraers wat hulle mans moet bystaan en die hoë eise wat selfs vir hulle geld. Op sy meeste kan gesê word dat vroulike diakens dalk moontlik is, maar dat hier geen opening vir vrouens in die ouderlingsamp gemaak word nie.

Die wonder van God se genade lê ook daarin dat hy troue werkers in sy kerk beloon: deur hulle eervolle plek in die gemeente en die ryper- en rykerwording in die geloof.

## *Vastigheid en vashou*

Paulus hoop nog om Timoteus gou te sien (1 Tim. 1:3; 1 Tim. 3:14) maar wil in elk geval seker maak dat die nodige voorskrifte vir die kerk van Christus deurgaan. Die gang van sy skrywe word nou (1 Tim. 3:14-16) onderbreek om heerlike dinge van Christus se werk en sy kerk te betuig.

Dis moontlik baie opsetlik dat hy in 1 Tim. 3:16 sê: "Groot is die verborgenheid van die geloof" — waar die Efesiërs ure lank teenoor hom uitgeroep het: "Groot is Diana..." (Hand. 19:28). En wat stel hy teenoor die nietigheid en ydelheid van afgodsdiens? Hy wys op die heerlikheid en volheid van God se genadewerk in Christus Jesus (1 Tim. 3:16). Dit is moontlik 'n uitspraak of selfs 'n lied wat in daardie tyd in die kerk bekend of gebruik is.

Die paar volsinne dui in hooftrekke die ganse verlossingswerk van Christus aan. Dit staan nie in presiese volgorde van gebeure nie. Miskien wel in drie pare van twee uitsprake, met die idee van teenstellinge en onderlinge verband, wat ook oorslaan na die volgende groep, bv. menslik/Goddelik, hemels/aards, aards/hemels. Of: die gebeure, die bekendmaking en erkenning daarvan.

Hierdie uitspraak volg as kort weergawe van wat die vorige vers die waarheid noem — en in *Timoteus* ontvang die *leer* groot nadruk. Dit word bely in en vasgehou deur die kerk. Paulus noem dit die huis van God, seker meer in sy eienskap as bouwerk gesien. Soos God vroeër in die tempel gewoon het, nou in die gemeente; daarmee is sy seën gegee en daarin wil Hy verheerlik word. God roep sy kerk uit die mense tot behoud en vra van die kerk om die heerlike openbaring van sy genadewerk en verlossing in Christus te erken en uit te dra. Die waarheid gee vastigheid aan die gemeente en die gemeente moet dit onwankelbaar vashou.

# 1 Timoteus 4

## *Bedag wees!*

Paulus skryf aan Timoteus. En deur hom aan die gemeente in Efese. Maar dis eintlik die Gees van God wat skryf aan of praat met die kerk van Christus (kyk Openb. 2:7). In daardie tyd en deur alle eeue. Daarom is hierdie brief in die Bybel opgeneem: God gee leiding en voorskrifte aan sy gemeentes en omdat Hy dit doen, kan ons vandag nog luister en moet ons gehoor gee.

Let net op hoe die apostel hier reg aan die begin (1 Tim. 4:1) gewag maak van *die Gees* wat praat. Die werkwoordtyd in die Grieks dui aan dat die Gees *aanhou met, voortdurend bly sê.* Daarom kan Paulus gesagvol praat, want dis nie net sy eie ervaring en gedagtes wat in die spel is nie. Hoe en waar die Gees so uitdruklik praat, word nie vermeld nie. Dis soos die profete van die Ou Testament wat gestel het: *So sê die Here* (1 Kon. 16: 12; Amos 2:1).

Oor watter tyd praat die Gees? Daar staan letterlik: *latere* tye. Nie op daardie tydstip, maar ook nie aan of met die einde nie. Dus voorafspel tot die finale drama van die wederkoms (kyk 2 Tess. 2). En terwyl dit vanaf Pinksterdag die laaste dae is (Hand. 2:17), kan ons sê: enige en alle tye vorentoe wat die wederkoms van Christus voorafskadu. Nou weer en nog.

Die kerk moet daarop bedag wees dat afval en valse leringe sal voorkom. En dis altyd nodig om wakker te loop, die geeste te beproef en te onderskei, om nie van die ware Evangelie vervreem te raak nie.

## *Iets plus Christus*

Destyds was dwaalleraars al bedrywig. So kort ná Christus se koms en terwyl sy apostels nog lewe en vermaan. Ook goed in dié sin dat die kerk deurentyd gewaarsku kan wees uit daardie botsing.

Meermale is dwaalleraars ter sprake (kyk 1 Tim. 1:3-7). In wese kom sulke afval van die geloof neer op een saak: iets anders naas Christus is 'n vereiste. Dus: Christus plus iets, wat dikwels word: IETS plus Christus. Soos: Christus en groot doop/Saterdag-Sabbat/tongetaal. In daardie tyd vra hulle: onthouding van die huwelik en voedsel (of sekere kos). Hierby is die Roomse vandag nog in probleme met die voorskrif van die selibaat (ongetroud bly van priesters) en verbod om vleis op sekere dae te eet, omdat dit daar die dwaalleer tipeer.
Nou is die geloof in Christus en die verlossing wat Hy bewerk, nie meer goed genoeg nie. Verder word ingegaan teen God se skepping en reëlings. God tog het die mens vir die huwelik geskep en 'n rykdom aan voedselsoorte gemaak. Die dwaalleer bestaan daarin dat hulle dit voorstel asof die kwaad in die dinge, in die geskapene lê, en nié in die manier en doel waarvoor dit gebruik word nie.

Natuurlik kan daar omstandighede wees dat mense nié trou of nié eet of nie drink nie (kyk 1 Kor. 7:8, 17, 27; 1 Kor. 10:23; Rom. 14). Verder is dit duidelik dat die Ou-Testamentiese verbod om sekere dinge te eet, nie meer ná Christus geld nie (Hand. 10:15). Dis egter foutief om aan

mense weer nuwe reëls op te lê nadat die seremonies van die Ou Verbond verbygegaan het. Te meer nog as dit sou geld as voorwaardes waaraan die mens, naas Christus se offer, moet voldoen om daardeur mee te werk aan of by te dra tot sy redding.

Die goeie gawes van God — soos gegee in voedsel en in die huwelik — mag gebruik word. Mits dit reg geskied. Dit beteken: om God as Gewer te erken (met danksegging), om te alle tye gereed te wees om oor die gebruik rekenskap te doen (kyk Rom. 14:23; 1 Kor. 10:31).

Dit is dus nie verkeerd om goeie en lekker kos te eet nie (wel by oordadigheid). Wel foutief om te eet sonder gebed en danksegging. Ook die seksuele is gawe van God, maar nie hartstogtelike begeerlikhede nie (1 Tess. 4:3-7). Wie is sonder sonde? Geeneen nie. En dank God vir sy Verlosser!

## *Behou andere — en jouself*

Die ampsdraer en in besonder die bedienaar van die Woord het 'n baie groot roeping. Nie asof hy met ander mate gemeet word nie (soos koerante skynbaar dikwels meen), maar omdat hy as *voorganger* met die Woord ook *voorbeeld* in sy optrede moet wees.

Dit is dan sy verantwoordelikheid om sorg te dra dat die boodskap van God so goed, suiwer, eenvoudig, direk moontlik na God se volk deurgaan. Dis sy taak as herder en as wagter: om te voed, te lei, te waak, te waarsku. Daardeur kan hy mense red: hy onderhou met goeie kos en hy weerhou hulle van gevare. Dit doen die leraar in sy prediking en besoeke, die ouderling as hy mense aanspreek, die diaken as hy aandag vestig op verkwisting en roekelose optrede. So baie fasette van die lewe hou gevare in en die regte leer bied lig en troos. Kyk net hoeveel kere kom die waarde van die *leer* net in hierdie een Skrifdeel voor (1 Tim. 4:1, 6, 11, 13, 16 en indirek 1 Tim. 4:12).

Die ampsdraer moet egter baie wakker loop om nie net andere in die oog te hou en homself te verwaarloos of in die geloof te veragter nie. Dis tog seker so dat Judas Iskariot ook uitgetrek het op bevel van Christus (Matt. 10; Mark. 6), maar op die end het hy omgedraai en sy Meester verraai. 'n Verskriklike waarskuwing vir ampsdraers om nie God se genade as 'n vanselfsprekende iets aan te neem nie (kyk 1 Tim. 4:6, 15-16).

## *Noodsaaklike oefenprogram*

Daarom moet Paulus aan Timoteus beklemtoon die noodsaaklikheid om hom te oefen in die godsaligheid.

Die dwaalleraars vereis ander oefeninge: om sekere dinge wat God as moontlikhede gegee het (voedsel, huwelik) af te wys. Maar dit gaan in teen wat God geskep het. Die sonde lê nie in die dinge as sodanig nie (sê in televisie), maar in die gebruik daarvan (deur dié wat uitsaai en dié wat opvang). Die sonde het ná die skepping gekom om te bederf en skeef te trek wat God goed gemaak het (kyk 1 Tim. 1:4; Gen. 1:31). Oefening in liggaamlike sake het wel 'n sekere nut, dog dis ook maar net beperk. Dog oefening in geloofsake het wonderlike voordele. Dit is nie net Bybellees en kerkgaan en gebed nie. Dit is in elk geval nodig. Maar om in alles as gelowiges op te tree — dus om uit dankbaarheid vir verlossing wat geskenk is, jou in te span om al God se

gebooie te hou. Besondere koestering is egter nodig van die direkte gemeenskap met God. Dit kan in ons lewe veel meer tyd en aandag kry. Is die gebedspad na God 'n oop, duidelike pad, dan is daar ook 'n oopgetrapte pad na die kerk. In hierdie lewe het jy rustigheid en vir die toekoms sekerheid (1 Tim. 4:8).

Weer eens beklemtoon Paulus iets (1 Tim. 4:9 : betroubare woord) wat al gegeld het. God *behou.* Die Woord sê: *verlos,* maar ook *onderhou.* Sommige lees dit in die algemeen: Hy sorg vir alle mense. Dit sê egter nie noodwendig *elke* mens nie (as ons dit in die sin van redding neem) maar iets soos: *al wat mens genoem word.* Die *insonderheid* sê dan ook *veral* (kyk 1 Tim. 5:17; 2 Tim. 4:13; Tit. 1:10; Fil. 4:22) — dit is spesifiek vir hulle bedoel.

## *Bepaalde patroon*

Timoteus het daarmee geworstel dat hy jonk is (hy was sowat 30 jaar) en dus nie soveel gesag het as die ouere apostel Paulus nie. Dit het sy bediening bedreig en moontlik benadeel. ('n Probleem waarmee 'n jong predikant, ouderling of diaken nou nog kan worstel.)

Paulus het egter die regte medisyne vir hierdie kwaal van sy jong medewerker. Hy moet onthou dat hy op gesag van die apostel optree totdat hy kom (1 Tim. 4:13). Verder het hy 'n roeping van God verkry: deur 'n profetiese uitspraak oor hom (kyk 1 Tim. 1:18) en deur handoplegging van ouderlinge en Paulus (1 Tim. 4:14; 2 Tim. 1:6), die feit dat hy self voorbeeldig was (Hand. 16:2).

Belangrikste is egter nog dit: as mense besware het dat Timoteus so jonk is, kan hy dit wegneem deur sy hele lewe 'n voorbeeld te maak. Dit sê eintlik: om aan 'n bepaalde patroon te beantwoord — in woord en wandel moet hy Christus verkondig. Die dienskneg van die Here moet gekenmerk word deur gesondheid van leer en heiligheid in lewe.

Voorop staan die eis van die Woord — en wee dié bedienaar wat sy plig om die Woord te bring, verwaarloos. Dan volg die wandel, wat duidelik moet blyk in liefde, in gees (nie soos dwaalleraars besig met allerlei stoflike voorskrifte nie), in geloof en reinheid. Predikers verkondig 'n lewende God (1 Tim. 4:10) — teenoor die dooie afgode, en moet in hulle eie lewe laat blyk dat hulle lewe vanuit en deur Christus die Verlosser.

## *Woord en oor*

Interessant is dat Paulus sekere voorskrifte vir die erediens gee (1 Tim. 4:13). Ons moet onthou dat die Christelike kerk het ook gegroei uit die Ou-Testamentiese vorme en veral die sinagogediens. In die sinagoge het voorgekom (Lukas 4:14 e.v.; Hand. 13:15 e.v.): hardop lees, aansporing en lering. Nou praat die apostel van die voorlesing, die vermaning, die lering, as vaste bestanddele van die Christelike diens wat steeds moet voorkom. Daarby is stellig dele uit die Ou Testament gelees. Maar daarnaas het gekom die lees van die wordende Nuwe Testament — soos Paulus self voorskryf (Kol. 4:16; 1 Tess. 5:27) en blyk uit Petrus se opmerking (2 Pet. 3:15).

Aan Timoteus word gesê: *Daarmee moet jy aanhou.* Die Grieks sê hier sterk: *Jy moet jou daarop toelê.* Dit geld dan, sê Ridderbos, beide die sorg en voorbereiding wat Timoteus aan sy

optrede moet bestee. Wandel en lewe voor mense en in die openbaar, is belangrik, maar die rig op regte verkondiging moet steeds voorrang kry. Want die geloof is uit die gehoor; die Christelike godsdiens primêr een van die oor en nie van die oog nie.

# 1 Timoteus 5

## *Genade en natuur*

Die genade van God verbreek of versteur nie natuurlike verhoudinge nie. Wel herstel en genees dit wat deur die sonde verwring en bederf en besmet is. Dit is soos die Gereformeerde die Woord van God lees en verstaan. En daarom verskil dit wesenlik van die Roomse beskouing wat natuur en genade byna as twee afsonderlike groothede sien, waarby die genaderyk as meer, hoër, feitlik bo-oor die natuur beskou word.

Die bewarende en herstellende krag van die genade in/van die natuur blyk baie duidelik as ons let op wat Paulus verder aan die jong Timoteus skryf (in 1 Tim. 5). Let net op die volgende:

- Die vermanende optrede van Timoteus moet die ouderdoms- en geslagsverskille van mense in ag neem (1 Tim. 5:1-3). Soos dit in 'n huisgesin gesteld is, moet dit ook nog in die geestelike gesin van die gemeente geld.
- Die geslagsdrang van mense, soos jong weduwees, is nie opsigself verkeerd nie maar moet op die regte wyse vervulling vind (1 Tim. 5:11-15).
- Om te weet hoe sake met ampsdraers gereël moet word, kan lesse uit die natuurlewe en bedryfswêreld geleer word (1 Tim. 5:17-18).
- 'n Te strak lewe en te streng selfdissipline kan probleme skep. Daarom kan selfs van so 'n moontlik-gevaarlike iets soos drank of alkohol gebruik gemaak word, ook deur 'n dienskneg van Christus (1 Tim. 5:23). (Mens wonder of die praktyk van sekere Roomse kloosters om wyn te maak nie dalk sy regverdiging in hierdie uitspraak vind nie? Natuurlik is dit alweer 'n heeltemal ander saak en probleem: of dit deel van kerklike opset moet wees om wyn te maak?)

## *Teregwysings*

Heel menslik en eerlik merk Calvyn op dat teregwysing 'n geneesmiddel is wat altyd iets bitters het en dus nie vir mense lekker nie. As dit dus deur 'n ampsdraer gebruik word, moet dit steeds reg en aangepas by die situasie wees. Veral oor sy jeugdigheid mag dit Timoteus moeilik val, maar dis die les wat hy, elke ampsdraer en alle gelowiges moet leer. Ons mag en moet mekaar aanspreek, dog dan deur die liefde gelei en gemotiveer. Drie woorde verdien ons aandag:

- Paulus praat van *bejaardes* of *oueres.* Dié woord is dieselfde as vir ouderlinge (1 Tim. 4:14). Hier is dit bloot leef-tydsaanduiding, soos blyk uit die vroulike vorm (1 Tim. 5:2 — bejaarde vroue) en die jongeres (1 Tim. 5:1 — jonger manne).
- Timoteus mag nie *hard bestraf* nie. Dit sê: *'n slag toedien, uitvaar teen.* Maar verder (1 Tim. 5:20) staan weer vertaal *bestraf.* Dan is dit 'n ander Griekse woord wat sê: *afkeur, oortuig* en *teregwys.*

- o Wat wel vereis word, is *om te vermaan* (1 Tim. 5:1). Elders in die Skrif (1 Tess. 3:7) word hierdie werkwoord vertaal met *vertroos* — selfs die naam *Trooster* (vir Heilige Gees) kom van dieselfde woord af. Dikwels dui dit egter aan om deur dié optrede na Christus te trek en aan Hom te bind (2 Kor. 5:20).

Die verband waarin 'n woord staan, sê dikwels dus watter betekenis-nuanse ons daaronder moet verstaan. Regte vertaling uit die grondtaal is dus belangrik en teruggaan na die oorspronklike taal by preek maak onontbeerlik.

## *Weduwees in kerk*

Paulus handel in hierdie Skrifdeel heelwat oor weduwees. Bepaalde opvallende aangeleenthede kan daarby aangestip word.

- Die posisie van die weduwee in die toenmalige wêreld was sorgwekkend. Daarom vind ons in Ou en Nuwe Testament dat God Hom ontferm oor en sorg vir weduwees en wese. Dit skep egter ook vir Christene 'n roeping om te vervul: om te sorg vir hulle. In die woord eer sit die gedagte opgesluit van materieel help (kyk 1 Tim. 5:3-4, 8; Matt. 15:5 en Hand. 28:10). Opmerklik daarby dat die plig van die kerk eintlik eers begin waar 'n weduwee se kinders of kleinkinders nié na haar kán omsien nie. Dis wel 'n vraag of hierdie voorskrif vandag nageleef word en of diakonieë nie meer op hierdie plig moet wys nie.
- Ridderbos stel tereg dat ons nie presies weet hoe die kerklike situasie toe was nie — soos die verkiesing van 'n weduwee (1 Tim. 5:9). Seker is wel 'n onderskeid tussen ou weduwees (wat niemand het om vir hulle te sorg nie) en jongeres (wat in elk geval en liefs tog weer kan trou). Dan lyk dit ook onwaarskynlik dat so 'n vrou eers sestig jaar moes word voor sy aanspraak op versorging deur die kerk kon maak.
- Daarom het die ouere weduwees wat verkies is, waarskynlik 'n bepaalde diens in die gemeente verrig. Sekere vereistes aan haar gestel (1 Tim. 5:9-10) klop met die vir ampsdraers (1 Tim. 3:1-13), met byvoeging van bepaalde takies wat meer eie is aan dienswerk van 'n vrou: kinders grootmaak, voete was. Die liefde en hande van 'n vrou in diens van Christus kan geseënde gevolge hê.
  - Jonger weduwees moet liewer nie vir die bepaalde taak in gemeenteverband betrek word nie. Sy kan nog as Christenvrou kinders hê en versorg (kyk 1 Tim. 2:15) en daarin haar koninkryksroeping nakom.

    *Sommige verklaarders sien 'n teenstrydigheid tussen wat Paulus hier en in 1 Korintiërs 7 sê. Verskil van verband en omstandighede kan egter 'n ander beklemtoning meebring. In elk geval is wel duidelik dat die ongetroude apostel mede deur die verligting van die Gees 'n gedeë insig in die mens se goeie hoedanighede én worstelinge gehad het.*

- Kom Paulus aan die einde van sy stuk oor die weduwees (1 Tim. 5:16), dan keer hy weer na sy uitgangspunt terug. Eie plig mag nooit op die kerk afgelaai word nie. Hierby word dikwels vermeld 'n grafskrif wat in Rome gevind is:

  *Opgerig deur haar dogter vir die goeie Regina, haar moeder, wat weduwee was en as weduwee sestig jaar geleef het sonder om die kerk ooit te beswaar.*

## *Die las/eer van bediening*

Die Jode het 'n regeerfunksie aan ouere manne of oudstes toegeken — so was dit in die Ou Testament en in die sinagoge. Die amp van *ouderling* het daaruit gegroei, al was daar ook aanstelling (Tit. 1:5) of verkiesing (kyk Hand. 1:26; 6:5) in die kerk.

Die jonkheid wat vir Timoteus 'n probleem was, toon dat 'n ander element by ampsbekleding gekom het: iemand kon op grond van besondere toerusting of skoling 'n verantwoordelike posisie in die kerk verkry al was hy nog nie oud nie. Daar is uitdruklik sprake van 'n genadegawe (1 Tim. 4:14) en (2 Tim. 1:6) en ons kan reken op skoling deur 'n man soos Paulus met wie Timoteus saamgereis het. (Dink aan ons eerste teologiese studente op togte saam met ds. Postma.)

Die taak van die ouderling of opsiener was om toesig oor die gemeente van Christus te hou (1 Tim. 3:1; Hand. 20:28). Maar nou was daar sekere ouderlinge wat 'n bykomende funksie vervul het: hulle het gearbei in woord en leer. Met *arbei* dui Paulus elders aan (sy) sware handewerk (Hand. 20:35; 2 Tim. 2:6) maar ook die moeisame van sy bedieningswerk (1 Tim. 4:10; 1 Kor. 15:10; 1 Kor. 16:16; Gal 4:11). Maar iemand wat só, feitlik voltyds besig is, het nie tyd om vir sy eie lewensonderhoud te sorg nie — en hy kan reken op versorging deur die gemeente.

So een moet *dubbele eer* waardig geag word. Dink aan die eer vir weduwees (1 Tim. 5:3) wat materiële sorg insluit. Hier dui dit aan: agting en versorging. Elders (1 Kor. 9) noem Paulus ook hier die reg, al het hy om bepaalde redes verkies om nié daarop aan te dring nie. Hier sê hy dit dus duidelik: bediening van die Woord verg voltyds aandag en daarom moet die gemeente sorgdra dat so een nie oor tydelike versorging probleme sal hê nie.

Dit kan in ons tyd só toegepas word: 'n Predikant behoort deur sy gemeente versorg te word, in jeug en ouderdom, sodat hy nie kommer oor sy lewenstog het nie. Het hy genoeg eie middele, dan kan hy vrywillig daarvan afstand doen.

As bewys hiervoor haal Paulus uit die Ou Testament aan — oor die os (Deut. 25:4). En 'n uitspraak van die Here Jesus (kyk Lukas 10:7). Of dit al in skriftelike vorm bekend en voorhande was, weet ons nie — al is dit opmerklik dat Lukas dit in sy evangelie het en hy is ook 'n reisgenoot van Paulus. In elk geval sien ons hier 'n bevestiging van die groei van die Nuwe Testament as geskrif, en aanhaling as kanoniek of gesaghebbend.

## *Steeds onberispelik*

Mense wat bedieningswerk in die Christelike kerk doen, moet toesien dat hulle lewe onberispelik is (kyk hfst. 3). Die aard van die werk bring egter mee dat hulle maklik beskinder of beskuldig word. Daarom mag los praatjies nie sommer aangeneem word nie. Klagtes moet gegrond en deur meerdere gestaaf word (1 Tim. 5:19). En beoordeling moet wees sonder vooraf standpunt te kies vir enige kant (1 Tim. 5:21).

Blyk dit egter dat daar wel rede tot aanklag is, dan moet die saak baie ernstig aangepak word. Dit sal dan dien tot lering van die ander ouderlinge (1 Tim. 5:20) en tot nut van die hele kerk. En omdat die verantwoordelikhede so groot is, moet Timoteus sorg dra dat alleen beproefdes in die amp kom (1 Tim. 5:22; ook 1 Tim. 3:6, 10). Anders is hy mede skuldig saam met hulle.

Direk hierby praat Paulus dan oor die persoonlike in Timoteus se lewe. Miskien het hy oor asketiese redes hom van wyn onthou. Dis goed moontlik dat so iets in belang van die mens of kerk is (1 Kor. 10:23-33). Maar as weerhouding van wyn die jong man se gesondheid benadeel en sy werk strem, mag hy nie om verkeerde redes dit afwys nie. Elkeen dus volgens sy eie posisie en roeping, maar steeds in die hoogste verantwoordelikheid voor God. Want elkeen moet by God rekenskap aflê, veral die ampsdraer wat nie sy plig nagekom het nie.

# 1 Timoteus 6

## *Slawe/knegte van Christus*

Die handskrifte van die Bybel, soos dit bewaar is en waaruit ons vertalings gemaak word, bevat geen hoofstukke of verse nie. So het die oorspronklike skrywers dit stellig ook neergeskryf. Die indeling in hoofstukke is waarskynlik afkomstig van 'n Engelse *biskop Stephen Langton* (oorlede 1228). En eers in 1551 verskyn by *Robert Stephanus* van Parys 'n Nuwe Testament met versindelings by.

Dis wel van belang by Bybelstudie om dit te weet. Soos die gedeelte oor diensknegte (of slawe) in 1 Timoteus 6:1-2. Eintlik pas dit beter by die vorige deel, waar allerlei huislike verbande ter sprake kom. En slawe was deel van die groter huishoudelike opset in daardie tyd (kyk Vierde gebod; 1 Kor. 7:21; 1 Pet. 2:16).

Die diensknegte oor wie Paulus dit het, is slawe (onder die juk) wat Christene geword het. Oor hulle geld nou die volgende:

- Hulle is as gelowiges vrygemaaktes in Christus. Dit beteken egter nie dat alle sosiale bindinge en verpligtinge daarmee opgehef word nie, selfs al het hulle nog ongelowige here. Word Christen-slawe in hulle dienswerk ontrou, skep hulle as gevolg daarvan 'n wanindruk oor die werking van die Evangelie by medeknegte en hulle besitter. Ridderbos sê dit gaan nie om handhawing van 'n bepaalde orde nie, maar die krag en indruk van Christen-wees in die wêreld. Gehoorsaamheid dien die eer van God se Naam (Calvyn).
- Dit geld amper nog meer waar slaaf én heer lede van die gemeente is. Die nuwe gesindheid kan in beter behandeling van bo af kom — en indirek wek Paulus op tot so 'n optrede. Dan moet die knegte juis beter diens lewer.

Die belangrikste is dus die verhouding tot God en die eer van sy Naam, veral deur die optrede van dié wat die geloof het. Deur Christelike gedrag kan andere beïnvloed word en nodige veranderings wel deurkom.

## *Vol beursies vir leë gedagtes*

Daar is dinge waaraan vasgehou en andere wat vermy moet word. Paulus sê aan Timoteus hy moet *hierdie dinge* leer (1 Tim. 6:2, einde). Dit kan wys op al die voorafgaande, veral noudat hy

besig is om klaar te skryf; of juis op die positiewe wat nog volg, in skerp kontras met die dwaalleer. Interessant dat die *wek op* dieselfde Griekse woord is as *versoek* (1 Tim. 1:3) en *vermaan* (1 Tim. 2:1; 1 Tim. 5:1).

Nog 'n laaste keer maak Paulus 'n draai by die dwaalleraars en hulle slegte optrede. Wat hulle bring, wyk af van gesonde woorde van Christus (1 Tim. 6:3) — wat op een of ander manier (mondeling of skriftelik) aan die gelowiges bekend was. Dit is weer 'n aanduiding van die wording van die Nuwe Testament. Waarskynlik sit daar 'n woordspeling in die *gesonde* (woorde — 1 Tim. 6:3) en die *sieklike* (sug — 1 Tim. 6:4). Daarby is nog die leer volgens die godsaligheid, wat ontstaan het deur die apostels se onderrig, die prediking (ook deur Timoteus) en aangryp daarvan deur die gemeente (kyk Hand. 17: 11).

Die dwaalleraars is verwaand of opgeblaas (1 Tim. 6:4) en het geen insig nie (1 Tim. 6:20), al reken hulle juis dat hulle so baie weet. Die slegte gevolge van hulle optrede volg noodwendig: daar is stryd en twis oor leë woorde en dit bewerk afguns (ook Gal 5:21; Tit. 3:3), twis (Fil. 1:15), lastering (1 Tim. 1:20; 1 Tim. 6:1), agterdog (3 Joh. 10) en allerlei sinnelose argumente. So gaan dit as jy net wil debatteer en die waarheid en volheid van Christus prysgee!

Daarby nog dié verkeerde houding dat die dwaalleraars probeer om geld te maak uit hulle optrede (1 Tim. 6:5). Die dienaar van Christus is geregtig op onderhoud (1 Tim. 5:17), maar mag nooit op winsbejag gerig wees nie soos die dwaalleraars — wat skynbaar geld gevra het vir hulle optrede. Vol beursies en leë gedagtes!

## *Soek die blywende*

Paulus stel aan Timoteus om hierby tweërlei te doen om reg te lewe:
— *Vlug weg van sulke mense en optrede* (6:5b, 11 [1 Tim. 6:5, 11]).
— *Haas na Christus en sy diens* (1 Tim. 6:6, 11).

Teenoor tydelike, materiële winssoekery is daar groot, heerlike voordeel in die geloof.

Duidelik word afgewys 'n gejaag na rykdom. Mense wat aardse goedere soek en alles daarop rig, raak so beset daardeur dat hulle besete word en alle ander waardes en pogings vergeet (1 Tim. 6:9). Soms word hier verstaan: Geldgierigheid is *die* wortel van alle euwels (1 Tim. 6:10). Daar staan egter *'n* wortel, in die Grieks sonder 'n lidwoord. Ander oorspronge van sonde bestaan wel. Tog word dit hier so geplaas dat dit baie aandag trek, en die najaag van tydelike wins as gevaarlik afgewys. Hoeveel het nie in hierdie tye dit self ervaar en gesien hoe skatte wegval nie? Daarom moet die Skriflering almal se erns wees — en veral die Woordbedienaar wat déúr Timoteus aangespreek moet wees.

Nou stel die Skrif dit egter nie so voor asof rykdom as sodanig verkeerd en 'n euwel is nie. Dink aan Abraham, Boas (Rut), Abigail (1 Sam. 25), Josef van Arimatea, Lidia (Hand. 16). Die wat wel ryk is, het 'n plig teenoor hulleself en in die koninkryk van God (1 Tim. 6:17-19).

- Dis nooit enige rede om hulle te verhef nie (kyk Rom. 11:20; Rom. 12:16).
- Omdat rykdom maklik onder jou kan uitkalwe, is dit sleg om daarop te bou (Lukas 12:13-21).
- Die mildheid waarmee God aan hulle gegee het, moet déúr hulle verder vloei in die wêreld:

vrygewig, mededeelsaam teenoor andere en mede daardeur ryk wees in goed doen (goeie werke van dankbaarheid).

- Deur die korrekte gebruik van aardse middele is dit moontlik om self die ewige rykdom vas te gryp (Matt. 6:19-20; Matt. 19:21; Lukas 12:33). Natuurlik moet so iets wees deur die geloof, ná die verlossing in Christus, uit dankbare erkentlikheid daarvoor; maar dan gee God ook ewige wins.

Daarom sê Paulus aan Timoteus dat Christene moet weet hulle is tydelik hier, hulle het niks ingesit en vat niks saam nie (1 Tim. 6:7), en hulle moet dus tevrede wees met 'n bepaalde noodsaaklike minimum. Die dwaalleraars soek aardse winsgewendheid (1 Tim. 6:5). Die kneg van Christus mag ook wins najaag: *godsaligheid,* en *vergenoegdheid.* Oor godsaligheid het Paulus al baie gesê (1 Tim. 6:3; 1 Tim. 4:7; 1 Tim. 3:16; 1 Tim. 2:2). Nou koppel hy dit aan vergenoegdheid (Fil. 4:11). Dink ook aan wat Jesus geleer het oor die primêre soeke na die koninkryk en God sorg verder (Matt. 6:25-34).

'n Gelowige moet leer om die regte waardeskatting te hê: aardse goed gaan verby; kos en klere, onderhoud en woning, moet nie oorheers nie; in God moet ons ryk wees. Soveel wat mense vandag najaag, staan dus onder die oordeel. Dis moontlik om met veel minder klaar te kom, nie die aarde gedaan te gebruik nie (1 Kor. 7:31), te erken God sorg en voorsien, selfs deur ons hande aan minderbevoorregtes (2 Kor. 8:7).

## *Al maar stry*

Dit is nié so dat die mens wat in God glo, net voorspoed in sy lewe ervaar nie. Die Skrif laat duidelik genoeg sien die lyde en stryd van gelowiges. En terwyl hulle in hierdie lewe is, sal hulle altyd moet inworstel teen die verkeerde in. Daarom praat Paulus (1 Tim. 6:11) van wegvlug — uit aardsgerigtheid, en toevlug — of najaag van allerlei Christelike deugde. Dit moet goed verstaan word: om geregtigheid (Rom. 9:30 v.), geloof (1 Tim. 1:5), lydsaamheid (2 Kor. 6:4), sagmoedigheid (Tit. 3:2)...in jou lewe te hê, kom nie sommer vanself nie — jy moet hard worstel in jou eie lewe om dit in besit te kry en te doen. Dit is deel van die stryd van die geloof (1 Tim. 6:12).

Die uitdrukking *man van God* word min só gebruik. Sommiges sien daarin 'n heenwysing na die aanspreek van Ou-Testamentiese profete, maar dit hoef nie so verstaan te word nie. In elk geval dui dit aan die intieme verhouding van Timoteus met sy God (kyk 2 Tim. 3:17). Daarom wys Paulus ook op die roeping van sy medewerker (1 Tim. 6:12). Omdat God sy hand op Timoteus gelê het, kan Timoteus vasgryp.

In dieselfde sin kan ons verstaan dat gemeld word van sy *pand* (1 Tim. 6:20). Dit gaan om die skat van die Evangelie wat aan hom toevertrou is, in sy sorg gestel is — waarna die *gebod* (1 Tim. 6:14) dalk ook verwys. Hy het dit bely (1 Tim. 6:12), terwyl die dwaalleraars hulle eie valshede bely (1 Tim. 6:21) en heeltemal op 'n dwaalweg is. Hoe groot is tog die verantwoordelikheid van die Evangelieverkondiger. Word dit genoeg besef, daarvoor gebeef en vir hulle gebid?

## *Tyd en toekoms*

Hierdie lewe het sy plek en sy betekenis, maar dan altyd voor God en in die besef dat jy daaroor rekenskap moet doen, en dat God alles sal vernuut. Midde-in sy lering aan Timoteus kom Paulus weer tot 'n doksologie of lofverheffing (1Ti 6:15-16). Hoe kom hy daartoe?

Hy praat van Timoteus se belydenis (1 Tim. 6:12) en dan van Christus se belydenis voor Pilatus (1 Tim. 6:13). Daarby is 'n eienaardige woordwisseling: Timoteus het bely (*homologein* - dieselfde sê) voor getuies *(martures)* en Christus betuig *(marturein)* sy belydenis *(homologia).* In die *homologein* lê die gedagte van 'n *verpligting aanvaar,* terwyl die *marturein* die betekenis verkry van: *bereid om te sterf.* Dit het die Here Jesus gedoen na sy vonnis deur Pilatus; so moet Timoteus, ook elke Christen bereid wees, om vir sy geloof te sterwe. Christus hét verskyn (en gesterf) maar gaan weer verskyn (om te oordeel). Die eerste was toe God die tyd ryp of reg geag het — die volheid van die tyd (Gal 4:4). So sal die Vader sy Seun weer stuur *op sy eie tyd* (1 Tim. 6:15). Tussen hierdie twee lewe ons en in dié tyd moet God aanbid en gedien word.

Hierdie God is salig-verhewe bo alle aardse gewoel en kleinlike sorge; Hy alleen heers oor alles en gee aan alles lewe (1 Tim. 6:13); niemand of niks kan naas Hom gestel word nie omdat Hy alles besit en bestuur. Hy alleen is voor alle tyd en sterf nie — soos bewys in die opwekking van sy Seun. Niemand kan tot Hom gaan of deurdring nie (kyk Eks. 33:20; Eks. 24:17). Tog staan dié God nie ver van ons nie. Want Hy het Homself in Jesus Christus geopenbaar (Joh. 1:18) en woon deur sy Gees in ons harte en in die midde van sy kerk. Daarom is sy genade met ons (1 Tim. 6:21).

# Titus 1

## *Gesagvolle skrywe*

Kreta was 'n plek waar Paulus en Titus saam gewerk het. Maar toe het die apostel weggegaan voor alles klaar georden was. Hoekom weet ons nie — al weet ons dat die Gees hom gestuur en gekeer het (Hand. 16:6-10). Titus het agtergebly, maar Paulus weet hoe sake gesteld is en daarom skryf hy opdragte aan sy medewerker *wat* hy moet doen (Titus 1:5). Paulus *beveel* hom — en dit kan net iemand met gesag oor 'n ander doen.

Die openingswoorde van hierdie brief dui aan waar Paulus sy gesag verkry — soos die sersantmajoor bevele kan uitreik omdat die generaal agter hom staan. Net hier beskryf die apostel homself as slaaf of dienskneg *van God.* Elders is dit van *Jesus Christus* (Rom. 1:1; Gal 1:10; Fil. 1:1). Dit kan terugwys na die Ou-Testamentiese profete en selfs na Dawid in sy koningskap as kneg van God — veral in Kreta waar dit ook om verset van Jode gaan (Titus 1:10, Titus 1:14). Veelseggend is hierby die melding van God se *uitverkorenes* (Titus 1:1), waarby op Israel as volk en die kerk as nuwe uitverkore volk van God gewys kan word (kyk Rom. 8:31- 34). Daarby is Paulus *apostel* van Christus en dit sê: *gestuurde* (kyk Luk 7:8).

Dit wat God in Christus gedoen het, vul Paulus se lewe, gee sin daaraan en laat hom onophoudelik werk. Eeue al het God wonderlike beloftes gegee (Titus 1:2). Toe God die tyd geskik geag het *(regte tyd),* het Hy sy Seun gestuur. Dit bly wonderlik en verbasend vir Paulus dat juis hy hierdie dinge kan preek of aankondig, soos 'n heraut van 'n koning uitroep. Nooit kom die apostel oor hierdie genade nie — hy as swak, sondige mens mag en móét Christus verkondig (kyk Titus 1:3 — *gebod van God).* Hieroor moet elke predikant nog altyd verbaas wees. Ook iedere Christen wat andere kan meedeel hoe God sy lewe herskep het.

God roep, Paulus kan beveel. Titus moet gehoor gee. Elke gelowige moet gehoorsaam.

## *Ontbrekende aanvul*

Die *inleiding* tot hierdie skrywe is eintlik baie uitvoerig (soos *Rom.* en *Gal).* Dit hang saam met die *inhoud* van die brief — wat Titus aansê om sterk op te tree en skerp te praat (Titus 1:13). Liewe vrede deug nie as Christus se gemeente bedreig word nie (Titus 1:10-11, Titus 1:16). *Knappe* sê: 'n Mens wat God tot hom laat praat, wat ag gee op sy Woord, wat weet hy is 'n onderdaan van God en Christus, wat weet hy het 'n opdrag van God — so een kan beter met ander mense praat.

Paulus het te doen met die geloof van die Christene. Dis tans vertaal *volgens die geloof* (Titus 1:1), maar kan wees: *gerig op* of *in belang van* (die geloof). God werk met en in mense (verkiesing), maar hulle besef en verwerk dit deur die geloof. Ook deurdat hulle ken en raaksien God se groot dade (kyk ook 1 Tim. 2:4; 2 Tim. 2:25; 1 Tim. 3:7). Calvyn sê die geloof is nie tevrede met waarskynlikheid of 'n mening nie, maar is 'n regte en suiwere kennis van God wat van alle dwaling bevry (Joh. 16:13; Joh. 17:17; Gal 3:1; Kol. 1:5). Die hoop (Titus 1:2) wat op God gevestig is, kan nooit teleurstel nie — want God staan daarvoor borg en Hy is getrou. Die toekoms is seker omdat Christus gekom het en God duidelik geopenbaar het (2 Tim. 1:10).

Uit die volheid wat God is  en aan sy volk gegee het, kan Paulus deur sy werk — veral sy prediking — meedeel. Daarom wens die apostel Titus (en die Christene onder sy sorg) nie net genade toe nie. Hy *gee* dit, dra dit oor aan hulle (Titus 1:4).

Calvyn het sy verklaring van die boek *Titus* opgedra aan sy medewerkers Farel en Viret. Verrassend is dit as Calvyn — die reus onder die drie — sê hy gevoel hom soos Titus teenoor Paulus: hy het by hulle aangesluit in die bediening in Genève en toe hulle elders heen geroep is, moes hy hulle werk voortsit. Paulus is ook nie skaam om te erken dat sy werk leemtes het nie — Titus moet regmaak (Titus 1:5) of aanvul wat ontbreek. 'n Godvrugtige dienaar reken nie hy kan alleen werk en moet nie alles eersugtig na homself toe trek nie.

## *Onberispelik*

Die apostel hou hier weer 'n "ouderling-spieël" voor (Titus 1:6-9). Dis die vereistes waaraan dié ampsdraer moet voldoen. Goeie lees van die Skrif dui aan dat Rome verkeerd is met 'n biskopamp wat oor andere regeer:

- *Ouderlinge* moet aangewys word (Titus 1:5).
- Hulle taak is die van *opsiener* (Titus 1:7) — en uit die Griekse woord (episkopos) is biskop afgelei.

Dit gaan om een funksie: 'n ouderling is geroep om toesig te hou oor Christus se gemeente. Veelseggend dat twee keer (Titus 1:6-7) gesê word hy moet *onberispelik* wees. Oor enigeen van die vereistes gestel mag daar nie 'n vinger op so 'n ampsdraer gelê word nie.

Die prediking van die Woord wek die geloof (Rom. 10:14). Daardeur kom die gemeente tot stand en bly dit voortdurend bestaan. Die kerk leef egter in 'n sondige wêreld  (Joh. 17:11,  Joh. 17:14,   Joh. 17:18). Daarom volg op die verkondiging noodwendig die ordening en instandhouding van die gemeente (1 Kor. 14:40). En dis onontbeerlik dat die ampsdraer self vashou aan die Woord, sodat hy andere daaraan kan bind en teenstanders kan weerstaan (Titus 1:9). Daarby dien die huisgesin as 'n goeie voorbereiding (Titus 1:6) — wie dáár sake kan orden, kan in gemeentekring gebruik word.

'n Belangrike vereiste vir so 'n voorganger is dat hy nie *eiesinnig* moet wees nie. Hieroor merk Calvyn op: *'n Opsiener kan nie goed onderrig as hy nie bereid is om self onderwys te word nie. Hy het dikwels raad en vermanings nodig. As hy weier om vermaan te word en verstandige raad versmaai, sal hy telkens met groot verlies vir die kerk homself blindelings in die verderf stort.* En Chrysostomus het al eeue vroeër opgemerk: *Een van die gevaarlikste ondeugde by hooggeplaastes is dat hulle nie met andere se raad wil reken nie — so asof hulle meesters is terwyl hulle slegs aangesteldes is.*

Ampsdraers moet maar goed hierop let.

## *Ondersoek die beskuldiging*

Die prentjie wat Paulus oor die Kretense teken, lyk maar lelik. Nou gebruik hy die kwas en verf

van een van hulle eie mense daarvoor. Dit was oor 'n bepaalde saak dat *Epimenides* gepraat het oor sy mense wat leuens verkondig (kyk Titus 1:12). Paulus waarsku Titus nou oor hierdie euwel, omdat dit die kerk van Christus beslis bedreig. Hy noem hom 'n *profeet,* en dui daarmee stellig aan hoe *hulle* hom self beskou het. Nou is dit beskamend dat een van die woorde vir lieg in Grieks is: om te *kretenseer* (krytidzein). Dis darem erg as jou land en sy mense so spreekwoordelik in slegte sin word. Hier gebruik Paulus die woord *pseudo,* wat aandui iets wat skyn of verkul. Verder is hulle *ongediertes* of wild en wreed; en *lui buike,* met 'n wellustige manier van lewe. Nie net die rasegte Kretense is so nie. Ook die Jode wat daar hulle tuiste het. Maar veral die dwaalleraars. Hulle wil voorgee dat deur hulle leringe na te volg die probleme opgelos sal word. Dis alles egter growwe mistasting — sê Paulus — want sulke menslike pogings kan nooit 'n volkskarakter wysig nie. Dit kan alleen deur te luister na die Evangelie en deur God in die geloof te dien.

Wat van die Kretense gesê word, beweer baie van ons mense, geld van die Swartes in ons land. In hoeverre dit vir Afrikaners self geld, moet ons by selfondersoek bekyk. Hoor dan wat sê Calvyn: Dit is 'n wonderlike besluit van God dat Hy 'n volk, so sleg en berug oor sy ondeugde, as een van die eerstes roep om in sy Evangelie deel te hê. Maar dis net so verbasingwekkend van sy goedheid dat Hy mense wat die gewone lewe onwaardig is, waardig gekeur het vir sy hemelse genade.

## *Kontraste*

Die betoog of skryftrant van Paulus is so dat hy graag gebruik maak van teëstellings. Selfs nou nog is dit 'n waardevolle metode in die prediking. Dit vertoon 'n saak na twee kante — dikwels 'n goeie en slegte. Maar dit help ook om sake beter in te sien en te onthou. Let maar op die volgende teëstellings in hierdie eerste hoofstuk van *Titus.*

- *God kan nie lieg nie* (Titus 1:2), wat gesê word nié om God te omskryf nie maar om aan die mense bykomende vertroue te gee wanneer hulle op God bou (met hoop) en die verkondiging van die Evangelie aanvaar.
- Baie dwaalleraars *praat onsin* (Titus 1:10) wat sê: dit wat skyn of dwaas is. Veral Kretense staan bekend dat hulle *leuenaars* is.

□ God skenk die hoop van die ewige lewe, met 'n oeroue of ewige belofte (Titus 1:2), maar

- Hy gee op die regte tyd, in 'n konkrete tydstip sy Seun as Verlosser en bring kennis daarvan deur die prediking in die tyd (Titus 1:3). (Kyk ook Rom. 16:25-27; 1 Kor. 2:7, 9; Gal 3:5, Gal 3:9).

□ Radikaal staan teenoor mekaar die onberispelikheid en beheerstheid van die opsieners (Titus 1:6-7) en

- tugteloosheid en leuenagtigheid van die afvallige dwaalleraars (Titus 1:10-12).

### *Ywer kan vals wees*

Die dwaalleer in Kreta vertoon dieselfde trekke as wat elders voorgekom het: 'n aangryp van en teruggryp na sekere Joodse gebruike en voorskrifte (Titus 1:15; Rom. 14:5; Gal 4:10; Kol. 4:16 e.v.). Nie asof Christus altyd en oral prysgegee is nie — dis net dat iets náás Hom gestel en sáám met sy verlossing nodig is. In wese kom dit neer op 'n selfhandhawing van die mens wat nie totaal in die geloof wil oorgee nie, maar nog altyd self iets tot verlossing wil *bybring.*

Die dwaalleraars wil nog sekere reinigingswette gehandhaaf sien — òfJoods òfselfs heidens.

Die mens wat in Christus verlos is, het nie meer al die reinigingswette nodig nie — maar doen en dien vrywillig en van harte. Hulle kan die natuurlike dinge sien as gawes van God wat steeds op die regte manier gebruik of selfs gelaat word. Soos Petrus die gesig van rein en onrein diere gesien het (Hand. 10, veral vs. 15 [Hand. 10:15]).

Daarom mag ons nie meer voorskrifte van die Ou Verbond in die tyd van die Nieu-Testamentiese kerk handhaaf nie — daar is nie meer *heilige plekke* soos die tempel (bv. kerkgebou, met 'n manel), *mense* soos die priesters (bv. predikant) of *tye* (soos sewende-dag-sabbat) nie. Kan ons dan doen wat ons wil? So sê niemand wat God werklik ken nie (kyk Titus 1:16). Vir die gelowige is dit heerlik om te gehoorsaam.

## **Titus 2**

### *Mense wat werk*

Die kerk van Christus bestaan uit mense. Weliswaar sondaarmense wat in Christus geheilig is (1 Kor. 1:2). Nie as 'n kerkgebou, wat ons gewoonweg *kerk* noem nie. Nie juis in die sinode of ander vergaderings nie, al het hulle 'n funksie in die kerk. Die kerk van Christus is mense, geroep en getrek uit 'n verloregaande geslag, waarin die Gees van God woon. Daarom is die enkeling en die gemeente tempel van God (1 Kor. 6:19; 1 Kor. 3:16; Ef. 2:21).

Paulus skryf aan Titus en so aan die gemeente onder sy sorg. Daarby handel hy oor die lewenswyse van verskillende groepe onder hulle (Titus 2:2-10). Gaan dit goed met die mense van verskillende leeftyd, geslag, sosiale posisies — as dele of ledemate van die liggaam of stene en mure van die gebou (Ef. 4; 1 Pet. 2:5) — dan sal dit met die geheel ook goed gesteld wees. 'n Gemeente kan tog nie gesond en aktief wees as sy lidmate siek of halfdood is nie.

Laat ons onthou dat die Here Jesus gesê het Hy kom om sondaars tot bekering te roep — soos 'n dokter werk met die siekes (Luk 5:31-39). Nou gee Paulus opdrag of bevel aan Titus — en in die Grieks staan die *Jy* eerste in die sin, om te sê: *Jy* moet... (Titus 2:1). En sy taak is? Om te spreek of te leer. Teenoor die siekte van die sonde en die sieklikheid van die dwaalleraars (Titus 1:10-14) is baie belangrik die *gesonde* leer. Oor hierdie *gesonde* hoor ons baie in die Pastorale briewe (1 Tim. 1:10; 1 Tim. 6:3; 2 Tim. 1:13; 2 Tim. 4:2; Titus 1:9; Titus 2:2, Titus 2:8).

Dit geld die volheid en waarheid wat in Christus gegee is — en wat mense red.

Dit is nie net ampsdraers wat in die gemeente moet werk nie (Titus 1:5-9). Elke lidmaat uit elke groep moet bydra om die gemeentelike lewe gesond en sterk te maak en te hou (Titus 2:2-10).

## *Lewende advertensie*

Die gedagte kom dikwels voor dat versoeking en sonde baie meer by die jeug voorkom. Dis foutief, soos Luther al bely het: "Hoe ouer ek word, hoe meer sonde het ek". Dis baie waar, ook in dié opsig dat jy deur die genade — onder meer deur na preke te luister — sonde raaksien en herken, selfs uit jou verlede (Ps. 25:7).

Daarom is dit vanselfsprekend dat Paulus handel oor oud en jonk, van albei geslagte. Dit tref mens dat hy dit het oor wat by die *leer* pas, en dan kom die *praktyk* van die lewe, die *doen* of regte *optrede,* ter sprake (Titus 2:2-10). Die bewys dat ons luister na die preek, is nie om met 'n vroom gesig in die kerkbank te sit nie, maar om uit te gaan en te gaan doen wat God jou in jou lewe opdra.

Dis stellig op hierdie gebied dat vele nie gesond in die geloof (Titus 2:2, Titus 2:8) is nie. Die Christen moet tog 'n advertensie van Christus wees (Titus 2:7; 2 Kor. 3:3) — elkeen wat so 'n mens sien, behoort op Christus gewys en na Hom getrek te word (Matt. 5:12; 1Pet. 2:12).

Paulus gebruik dan 'n sprekende beeld. Die gelowiges (al is hulle slawe) moet die leer van God in alles versier (Titus 2:10). Dink net aan die raam van 'n skildery of die montuur van 'n ring. Dit gaan wesenlik om die kunswerk en die edelsteen, terwyl die omlysting nie die aandag moet trek of aflei nie. So moet die hele lewe van die Christen nie die aandag op homself vestig nie, maar andere laat raaksien die genade van die Here in sy lewe. Die montuur van die ring (ons lewe) moet dien om die diamant (Christus en sy genade) te laat uitstaan en die oog vang.

## *Ortopraksie*

Mens kry skaam as jy soms ontdek hoe onagsaam jy die Bybel lees. Nooit het iets jou opgeval nie en skielik — by die voorlees vanaf die kansel of met hulp by Skrifstudie — sien jy talle dinge raak. So is dit met die woord *ingetoë* in Titus 2 (en ander hoofstukke van Pastorale briewe). Let maar net op die volgende: Ou manne (Titus 2:2), jong vroue (Titus 2:5), jong manne (Titus 2:6), alle gelowiges moet ingetoë wees (Titus 2:12) — ook die opsieners (Titus 1:8). Die wonderlike daarby is dan nog dit: volgens wat elkeen is (oud/jonk, man/vrou) kan dit 'n verskeidenheid van houdings en optrede by die verskillende mense wees.

Verder is belangrik dat die apostel sekere dinge vereis wat die Grieke ook as ideale optrede gestel het. Beskaam mooi optrede van nie-gelowige mense ons as Christene nie soms nie? Tog is daar verskil. 'n Volgeling van Christus doen dit as goeie werke (Titus 2:7, Titus 2:14) uit dankbaarheid, nadat hy verlos is — en nie as doel opsigself of om 'n beloning te probeer verkry nie. Die wortel is anders: die geloof, as gevolg van redding (Titus 2:11), volgens wat en omdat God vra en tot sy eer. Wee hom by wie dit nie die geval is nie.

In elk geval is dit noodsaaklik dat 'n goeie alledaagse lewe 'n Christen se lewe kenmerk.

Daarom moet ou manne *nugter* wees (Tit. 2:2) — nie op loop sit met begeertes of gedagtes nie. Ook *waardig* (Titus 2:2 en Titus 2:7) — met 'n idee van statig, ernstig dog nie somber of droefgeestig nie. Nou skryf hy nie oor die bekende *hoop* (naas geloof en liefde — 1 Kor. 13:13) nie. Paulus vra *lydsaamheid* — dis om aan en uit en vol te hou, sodat daar nie eintlik verskil is met die bekende drietal nie. En al drie staan onder die eis dat dit gesond moet wees. Dit is 'n vereiste vir die eie lewe maar ook om die teenstanders van die Evangelie nie rede vir praatjies of klagtes te gee nie (Titus 2:5; Titus 2:8, Titus 2:15).

## *Gesin en gemeente*

Onderlinge menslike verhoudinge word beslis geraak deur die verlossing van Christus. Daarom kom dit ook onder die kollig van die Woord van God. En al was Paulus ongetroud, is hy deur die Gees toegerus om mense te verstaan.

Titus kry opdrag om sekere sake aan ouer vroue (Titus 2:3) voor te hou (Titus 2:1). Van hulle word gevra om:

- *Soos priesteresse te wees* (in gedrag soos heiliges). Gaan 'n vrou na 'n heiligdom, is haar kleding, houding, spreke alles daardeur bepaal. Nou is 'n Christin se hele lewe voor die heilige God.
- *Nie kwaad te praat nie.* Dieselfde woord word elders vir die duiwel as naam gebruik. Kwaadpraat is duiwelswerk. 'n Saak waarteen ouer vroue besonder moet waak, is praatsiekheid (1 Tim. 4:7) wat duiwelsvure aansteek (Jak. 3 [Jak. 3:5-6]).
- *Nie aan wyn verslaaf te wees nie.* Dalk 'n besondere gevaar onder ou vroue destyds. Dis iets om self voor te waak en aan andere (bv. Swart vroue) voor te hou.
- Juis die *goeie oor te dra en deur te gee.* Dit geld veral in die verhouding tot jonger vroue. Deur die ervarenheid in die lewe kan die ouer vroue vir die jongeres tot veel seën wees. Hoeveel betekenis het 'n wyse ouma nie vir 'n wys kleindogter wat nie raad van haar eie ma wil aanneem nie!

Sekere van die dinge vir die jong vrou is:

- Hulle moet op *hulle eie huise gerig* wees, deur liefde en sorg vir man en kinders (1 Tim. 5:14). Daardeur bou hulle hulle eie huise, terwyl die dwaalleer omkeer en afbreek (Titus 1:11).
- Hulle moet skeppingsverhoudinge bewaar, deur as Christenvroue *die regte posisie teenoor hulle mans* te hê.
- Hulle moet *ingetoë, kuis en goed* wees tot sieraad in die huisgesin en daarbuite en tot bevestiging van God se Woord.

Gesonde verhoudinge in die Christelike gesin is 'n belangrike faktor in die groter geheel van die gemeente. Aanstoot wat na buite deur slegte verhoudinge gegee word, tref verder nie net die Christene nie, maar ook die krag van die Evangelie — omdat die gemeente moet laat blyk hoe hulle vernuut is.

## *Genade voed op*

God het na die mens gekom en sy genade geskenk. Dis die rede vir Paulus se voorskrifte (Titus 2:1-10).

Reg voorop staan in die Grieks die werkwoord om alle klem daarop te lê. Ons kan dit só skryf: *Verskyn het immers die genade...* Voorskrifte vir die mens se lewe en samelewing is nie maar net wat goed en mooi is vir 'n ordelike bestaan nie. Dit staan en behoort te wees aan die voet van die kruis en voor die aangesig van God en sy Gesalfde. Van God se kant was daar nie net 'n gesindheid nie, maar 'n heilsdaad, 'n volledige beheersing van die toneel met 'n deurbreek van genade van God in hierdie tyd en wêreld (kyk Lukas 1:79 — om te skyn; Hand. 27:20). Dit is die sentrum van die boodskap van die Skrif en die prediking. Alles wat voorafgaan of volg, moet daarmee in die nouste betrekking staan.

Oor die feit dat dit aan *alle mense* verskyn, heers soms verwarring (kyk ook 1 Tim. 2:4; 1 Tim. 4:10). In die Grieks staan dit geskryf sonder lidwoord (aan *almal)* — terwyl as dit was *die almal,* dit alle mense, een vir een sou bedoel het. Dit is dus weer eens *alle soorte mense:* manne — oud/jonk, vroue — oud/jonk, here, diensknegte. Weer eens dus geen algemene versoeningsleer, asof uiteindelik die totale som van mense tog maar in Christus gered word nie. Selfs in die veelaangehaalde Joh. 3:16 staan nog die vereiste van geloof in Christus — en dié wat nie glo nie, is alreeds veroordeel (Joh. 3:18).

Veronderstel een oomblik dat hierdie Skrifdeel tog sou leer die redding van alle mense. Dan bied wat volg 'n aanduiding dat dit nie so is nie. Die genade bring tot iets, voed in 'n sekere rigting op; Christus se verskyning lei in menselewens tot iets anders. Wat is dit? Die genade bring tot 'n lewe in diens van God, met selfverloëning en die aflê van sondige begeertes of saamgaan met die wêreld. Paulus sê die genade leer ons (Titus 2:12) om:

- van die sondige lewe afskeid te neem (verloën goddeloosheid);
- positief reg en goed en mooi te lewe. Die genade red ons deur ons op te voed tot goeie werke. Dan kom nog iets belangriks daarby. Christus het gekom (die genade het verskyn, Titus 2:11), maar die gelowiges leef in die hoop dat Hy terugkom, weer sal verskyn (Titus 2:13). Nou reeds is die wêreld en samelewing anders, omdat daar mense is wat in Christus glo en daarvolgens lewe. Hoeveel anders en armer sou die wêreld sonder Christus en sy volgelinge gewees het! Maar daar wag nog 'n groter glans en glorie. Die heerlikheid sal verskyn. Hier kan dit so gelees word dat "die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus" (Titus 2:13) net van Christus praat en nie van Vader en Seun nie. Dan is dit 'n duidelike weerlegging van hulle wat die Godheid van Christus ontken.

Titus moet dus weet dat alle sielsorg gegrond is in God se genade en in die Goddelike opvoeding wat deur die genade uitgeoefen word (Titus 2:15).

# Titus 3

## *Resepte en geregte*

Die Bybel bied beslis bepalings en berigte met leiding oor werklike dinge van die lewe. Dan egter nie soos 'n resepteboek wat alle bestanddele bymekaar bring nie. Eerder soos 'n spens met 'n groot voorraad en waaruit die huisvrou 'n keuse vir die gebak moet maak. Dit vereis doelgerigte inspanning van die mens se kant. Daarom is dit so dat een teks of Skrifgedeelte nie alles oor 'n saak aan die lig bring nie — omdat andere daarby/ naas/teenoor gelees moet word.

Paulus sê nou aan Titus (Titus 3:1) dat hy die gemeente aan iets moet herinner — 'n plig waarvan hulle dus al weet. Daarby gaan dit oor gehoorsaamheid aan die owerhede (in die magsposisie) en magte (met die bevoegdheid daartoe — kyk Rom. 13:1). Dit is wat Paulus gedoen het, selfs toe hy in die tronk gegooi (Hand. 16:23) of onregverdig behandel (Hand. 23:5) is — al het hy hom ook vir sy saak op die hoogste gesagsdraer, die keiser, beroep (Hand. 24:27; 25:11).

Die plig tot gehoorsaamheid aan die owerhede word duidelik onderstreep. Daarby word nie ingegaan op die goed of sleg van die outoriteite self of in hulle optrede nie. Ridderbos sê hierby: *Die nuwe Christendom moet nie die indruk wek dat dit die staatkundige en samelewingsorde revolusionêr wil omkeer nie. Die gemeente mag hom nie in spiritualistiese of vooruitgrypende sin ontslae ag van gehoorsaamheid nie — want dit sou die jong Christendom verdag laat voorkom en laat sondig teen God se ordening om die lewe binne orde te hou.*

Natuurlik is die hele saak van die owerhede nie hiermee uitgeput nie — daar is nog ander voorrade in die spens. Duidelik word ook eise aan die owerhede gestel — soos gehoorsaamheid aan God (Rom. 13:4; Mat 22:21); diensbaarheid (Matt. 20:25); regverdigheid (Hand. 5:29; Ef. 6:4). Die owerheid is *oor* ander mense maar *onder* God.

## *Beteueling nodig*

Die noodsaaklikheid om 'n owerheid te hê wat wantoestande in die samelewing kan beteuel, blyk duidelik uit wat Paulus oor die mense sê (Titus 3:3). Dit gaan eintlik om die vernuwing wat die genade bring en die kerk verteenwoordig. Nietemin werp dit lig op hoe sleg mense buite Christus om is, sodat owerheidsorde onvermydelik is. Die paradys het verlore gegaan en 'n utopie kan nie deur menslike vermoëns tot stand gebring word nie. Die slegte hoedanighede van die sondige menslike natuur word sewevoudig aan die kaak gestel. Sonder genade is mense:

- *Onverstandig.* Dit ontbreek aan wysheid of insig, wat net verkry kan word deur openbaringslig (kyk Ps. 111:10; Spr. 1:7; 3:5-26). Veelseggend dat een woord vir bekering is: verandering van insig, teenoor "sonder insig" hier.
- *Ongehoorsaam.* Afkerig van tug, om jou nie te laat gesê nie (Rom. 1:30; Hand. 26:19). Iets wat beslis in gesagsverhoudinge betrokke is.
- *Op dwaalweg.* Verkeerde denkbeelde word gevolg en van die waarheidspoor afgewyk; misleidend en bedrieglik (kyk 2 Tim. 3:13 — mislei).
- *Verslaaf.* Dit praat van onmatigheid (kyk Titus 2:3 — met wyn), in *begeerlikhede*

(Rom. 7:8) en *singenot* (Lukas 8:14 — genietinge, en hiervan kom 'n *hedonis;* Jak. 4:1 — welluste [Jam 4:1]; 2 Pet. 2:13 — genot).

- *Boosheid.* 'n Slegte opset of bose wil (Kol. 3:8; Ef. 4:31; 1 Pet. 2:1).
- *Afguns.* Dis nou dieselfde as nydigheid (Matt. 27:18) of jaloesie (Fil. 1:15-16; Gal 5:21; Gal 6:4; 16:4 [? 1 Tim. 6:4]; 1 Pet. 2:1).
- *Haat* — haatlik en gehaat. Wat tussen mense bestaan, moet eintlik teenoor die slegte geld (Rom. 12:9) en dit pas by die duisternis (1 Joh. 2:9).

Watter skildery van ellende en gebrokenheid teken die apostel hier van die mens soos wat hy van nature is, nou na die sondeval. Hoe waar as ons in die wêreld rondkyk en nuusberigte kontroleer!

## *Pak hierdie bouwerk*

Dikwels word gereken dat gelowige mense nie so sleg is nie. Maar waarom is ons lede van 'n gemeente? Ten diepste omdat ons erken dat ons geen eie vermoë het om uit die kwaad te kom of te bly nie, maar dat God ons daaruit moet red en daarvan bewaar. Dit is juis wat Paulus hier beklemtoon as hy oor die sondes van die mens praat. Dus selfs 'n Christen het geen enkele rede tot selfverheffing of roem nie (Joh. 3:27; 1 Kor. 4:7; Jak. 1:17). Wel het daar 'n omkeer in sy lewe gekom, maar die Christen ken steeds sy betrokkenheid by eie sonde (1 Tim. 1:15) en sy solidariteit met ander sondaars, van wie hy alleen deur die genade van God geskei is (Titus 3:3).

*Gered* beteken egter ook *geroep.* Daar is die onderwerping aan gesag (Titus 3:1). Dan die bereidheid tot goeie werk (3:1) of om goeie werke voor te staan (Titus 3:8) — en dit sê: om jou werklik daarop toe te lê. Die positiewe vrug van die genade blyk hier ook in raad oor praktiese optrede teenoor andere (Titus 3:2).

- *Niemand belaster nie.* Wie onder die beheer van Christus is, praat nie kwaad van andere nie (kyk Markus 7:22; Kol. 3:8); hulle mond word positief gebruik (kyk Ef. 4:29; Kol. 4:5 v.).
- *Nie strydlustig nie.* Dit staan direk teenoor wat wêreldse mense doen en mag nie in gelyke munt terugbetaal word nie (1 Tim. 3:3). Is dit onder ons Gereformeerdes iets wat genoeg afgelê is?
- *Vriendelik.* Dis nou inskiklik, vriendelik, mild, sag — soos wat Christus was (2 Kor. 10:11; Matt. 11:29). En ons moet tog gelykvormig aan sy beeld word (Rom. 8:29).
- *Sagmoedig.* 'n Ideaal vir die gelowige (Ps. 9:19 [Ps. 9:18]; Ps. 72:12; Matt. 5; Gal 6:1; Jak. 3:13); sagtheid, innemendheid, inagneming van andere. Treffend word gesê: aan *alle* mense *alle* sagmoedigheid (Titus 3:2) en dat hierdie goeie werke goed en nuttig vir die mense is (Titus 3:8).
- Hier is darem 'n groot taak in 'n gemeente wat klaar is met die oprigting van sy geboue!

## *Hoofsin en bysin*

Die eise aan die mens en die tekening van sy verdorwe toestand is *'n* bysin in die groot betoog

van die Evangelie. Dit staan as 't ware tussen twee hakies — iets wat wel gesê moet word maar nie hoofsaak nie. Die hoofsaak is die bekendmaking van die raad van God en die aankondiging van sy heil. As Paulus hier oor die sonde en roepingseise praat, word dit voorafgegaan en gevolg deur die wonderlike nuus van die genade in die werk van Christus.

Die verhouding tussen God se werk en ons werke word daarby in die regte perspektief gestel. Paulus praat oor *ons* sondes en van *ons* Verlosser (Titus 3:3-7). Twee hoedanighede van God word uitgelig.

- *Goedertierenheid.* Die Griekse woord hier gebruik, kom net by Paulus voor en stel God se goedheid of mildheid, wat deurgaan, al staan mense dit teen (Ef. 2:7).

- *Mensliewendheid.* Letterlik: filantropie. God rig Hom op/na alle mense en roep na Hom toe.

Wanneer die mens dit ontvang, het hy nie daartoe bygedra nie — en hy moet dit as deug deur hom in die wêreld laat deurwerk. Hy is geregverdig of in die gerig vrygespreek en tot erfgenaam gemaak in Christus.

## *Teken en inhoud*

Die apostel praat hier van die redding deur die bad van die wedergeboorte (Titus 2:5). Hieroor is al baie geskryf en geskil. Ons moet kortliks daarop let.

Dis moontlik dat Titus 3:4-7 woorde van 'n formule of lied by die doop was — en dat die "betroubare woord" (Titus 3:8) na so 'n alombekende uitspraak verwys. In elk geval word hier stellig op die doop gewys. Die Roomse beskouing is dat die doop as vanself werk; die Gereformeerde dat die doop 'n teken en seël is — en dus nie krag in homself het nie, maar heenwys na en verseker van die redding deur Christus.

Die doop is iets van God se hand. Duidelik word dit bevestig as daarnaas beklemtoon word die vernuwing deur die Heilige Gees en Christus as Verlosser. En wedergeboorte lê alleen in God se mag. Hierby meld ons Calvyn se woorde:

> *God het ons deur sy barmhartigheid behou en van daardie heil het Hy 'n sinnebeeld en onderpand in die doop gegee, terwyl Hy ons kies tot lede van sy kerk en ons in die liggaam van sy Seun inplant. 'n Deel van God se openbaring bestaan in die doop — vir so ver dit bestem is om die geloof te bevestig. Die krag en nut van die sakramente sal goed begryp word wanneer die teken en die saak só verbind is:*
>
> - *dat die teken nie leeg is of sonder uitwerking bly nie;*
> - *maar tog nie iets aan die Gees onttrek word in wat Hy doen nie om daardeur meer luister aan die teken toe te voeg.*
>
> *As ons ons doop nie leeg wil maak nie, moet ons sy krag bewys deur die vernuwing van ons lewe.*

God verlos die mens. Hy het die doop ingestel. Dit is God se werk (bv. wedergeboorte, geloof) wat in die doop afgebeeld word. Hy gee die teken en Hy alleen gee die inhoud daaraan.

## *Twissieke mens*

Beroeringe was daar van vroeg af teen Christus en sy kerk. Selfs binne die kerk. Telkemale hoor ons van dwaalleraars en allerlei strydvrae. Paulus kom weer terug (Titus 1:14; Titus 3:9 e.v.) op die afwysiging van onnodige en onnuttige redeneringe. Ons moet ons maar afvra: Hoeveel van die dinge in kerke kan nie dalk hierby ingedeel word nie?

Aan die Korintiërs het hy gesê dat partyskappe 'n nut het (1 Kor. 11:19) — sodat die gemeente leer om te onderskei en dit blyk wie in die geloof reg oordeel. Nou wys hy dit af (Rom. 3:10-11). Daar is tog wel 'n aksent-verskil. Hier in *Titus* gaan dit eintlik om iemand wat met verbetenheid volhard om sy eie opinie te wil afdruk. *Calvyn* praat van 'n eersugtige, hardnekkige, twissieke, sinlikgedrewene wat deur sy onstuimigheid die vrede van die kerk versteur. *Guthrie* beskryf so een as 'n koppige propagandis wat onenigheid bevorder deur sy deurdrywendheid.

## *Genade*

Dis moontlik om alleen te staan in die werk vir Christus. Maar dis moeilik. Daarom waardeer Paulus telkens die medewerking van andere.

Hy stuur twee manne na Kreta — seker om Titus se werk daar voort te sit (Titus 3:12; kyk Hand. 20:5; Ef. 6:21; Kol. 4:7). Titus moet na Paulus toe kom in Nikopolis. Dit lê stellig aan die Griekse weskus (kyk kaart agter in Bybel), waar hy wou oorwinter — moontlik om in die lente weer te reis, dalk weswaarts (Rom. 15:28).

*Senas* (Romeinse advokaat?) en *Apollos* (Hand. 18:24) kan die draers van die brief aan Titus wees. Dan reis hulle verder — en onthou Apollos is gebore in Noord-Afrika. Op dié pad moet hulle 'n reistoelaag van die Christene in Kreta kry. Inspanning in goeie werke om dit te kan bekostig, is 'n taak van die gelowige. Nog 'n aanduiding oor ons gawes vir die kerk (Titus 3:14).

Groete aan Titus en sy mense. 'n Brief vol genade *verseker* van genade (Titus 3:15).

# 2 Timoteus 1

## *Genade oorgedra*

Elke mens moet gereed wees vir die dag van sy dood, al weet ons nie wanneer dit sal wees nie. 'n Veroordeelde in die tronk kan dié tyd voorsien — omdat 'n datum bepaal word. So was dit met Paulus in Rome (2 Tim. 1:8; 2 Tim. 4:6). In hierdie omstandighede skryf hy aan Timoteus, wetende dat die einde naby is.

Hier begin hy ook volgens die klassieke briefvorm van daardie tyd. Dit mag eienaardig klink dat Paulus duidelik, weer eens sy apostelskap meld (2 Tim. 1:1). Maar hy leef uit roeping (2 Tim. 1:9, 11) en sien altyd die gemeente in Efese agter Timoteus raak (2 Tim. 1:18; 2 Tim. 4:12). Dis verder iets besonders dat hy in die aanhef van al drie Pastorale briewe die *hoop op/belofte van* die ewige lewe so sterk beklemtoon. Juis in die moeilike omstandighede van sy gevangenskap in Rome is dit so 'n heerlike geluid: dat daar sekerheid en vastigheid van lewe is — omdat God dit as belofte gegee en in Christus Jesus waar gemaak het (2 Tim. 1:10; Gal 2:20).

Nog ryker word hierdie Skrifdeel in sy betekenis as ons op die *belofte* let. Daaragter lê al God se beloftes aan en vanaf Abraham. Dit sê dat God roep en red uit 'n sondige, verloregaande mensgeslag. Heerlik is die vervulling in Christus Jesus, die ware kind van die belofte aan Abraham (kyk Gal 3:14 e.v.; Gal 4:28). Die wonder bly vir Paulus dat hy die boodskap mag oordra van dié heerlike aankondiging en vervulling in die Here Jesus se oorwinning. God wil dit, God doen dit — die mens kry dit uit genade.

Daarom *deel* die apostel mee, dra hy oor: genade, barmhartigheid, vrede van die Vader en Christus die Here (2 Tim. 1:2). Dis nie 'n wens of seënbede nie — Paulus gee dit omdat God hom geroep het en deur hom dit gee.

## *Iets beter as dit?*

Een van die baie goeie dinge wat ons van Paulus kan leer, is die noodsaak van gebed. En in die bietjie wat hy daaroor sê, lê baie opgesluit (2 Tim. 1:3-4).

- Ware gebed sal altyd danksegging insluit. Dit hoef nie noodwendig van uitwendige gunstige omstandighede afhanklik te wees nie. Paulus sit in die tronk en wag op die dood, maar dank nogtans. Selfs in neerdrukkende situasies kan herinnerings dank ontlok. Buitendien is daar *altyd* rede om God te loof.
- Dis goed om van jongs af tyd vir gebed te hê en te maak, en om altyd hierdie gewoonte voort te sit. Dink aan die Here Jesus en aan Daniël (Dan. 6). Nooit en nêrens kan ons dié saak ontgroei nie,
- Geen spesifieke uur van die dag of nag is beter as tyd van gebed en eintlik kan ons nooit te veel tyd daaraan afstaan nie. Hoe wonderlik as jou hande en voete van gewone werk losgemaak is sodat jy meer tyd vir gebed beskikbaar het. En beproewingsure, soos siekte of slaaploosheid, kan vrugbare gebedstyd word!
- Verlange na ander mense kan deel van gebed vorm en geregverdigde rede tot erns in smeking en voorbede vir andere wees. Hoe kan dit 'n gemeente opbou: deur vir mekaar

te bid!

## *Goeie onderskeiding nodig*

Die ontmoeting met Christus op die pad na Damaskus het 'n radikale omkeer in Paulus se lewe gebring (Hand. 9). Voor dit wou hy deur goeie werke sy verlossing bekom (Fil. 3). Daarna is hy uit genade gered en lewe hy vir God en Christus uit loutere dankbaarheid.

Hoe moet ons nou sy verwysing na sy eie (Joodse) verlede en na Timoteus se herkoms (2Ti 1:3, 2Ti 1:5) verstaan? Paulus praat van *God dien* en gebruik 'n woord wat geld vir erediens (Hand. 7:7; Rom. 9:4) of persoonlik (Rom. 1:9; Fil. 3:3); in teenwoordige tyd wat sê: *nog altyd tot nou toe.*

Die Jode was as Semiete meer groepsbewus *(vanaf voorouers!)* en minder individueel-gerig as ons. (Dink maar ook aan Swartmense se houding.) Daarby kan ons wys op die Here Jesus se woorde: Die Jode aanbid wat hulle weet en die saligheid is uit hulle (Joh. 4:22). Paulus het voor sy bekering nie 'n verkeerde of valse God aanbid nie, maar Hom wel op foutiewe wyse gedien. Sy voorouers en Timoteus se ouma en ma het die regte God aanbid, insoverre hulle met ongeveinsde geloof voor die koms van die Verlosser en sy Evangelie opgetree het. Paulus wou nie God se openbaring van genade aanvaar nie, maar het die Christelike gemeente vervolg. Sy eie optrede was ook ywer sonder kennis (Rom. 10:2) totdat die God van Israel sy voete reg op die suiwere weg geplaas het.

God se genade aan Israel, soos aan Paulus, moet met danksegging, in woord en daad, beantwoord word. Veelseggend dat die woord *dank* (2 Tim. 1:3) dieselfde is as *genade* (2 Tim. 1:9). Alhoewel Paulus 'n besondere roeping teenoor die heidene gehad het (Hand. 9:15; Hand. 13:4), het hy hom ook besonderlik eers tot Jode gerig (Hand. 9:15; Hand. 13:46). Hy wou ook steeds sy volk probeer red (Rom. 9:1-5; Rom. 10:1, Rom. 9:11). 'n Mens wat Christus gevind het, sien graag dat sy volk ook dié lewensweg bewandel.

## *Roeping en toerusting*

God roep mense in sy diens en skenk dan ook die benodigde bekwaamheid (1 Thess. 5:24; Fil. 4:19). Dit geld ook vir Timoteus wat skynbaar geworstel het met 'n terughoudenheid en gevoel van onbekwaamheid (2 Tim. 1:7).

Paulus maak melding van Timoteus se afsondering tot diens. Tevore het hy gemeld van die ouderlinge wat by die diensaanvaarding bedrywig was (1 Tim. 4:14) en nou van sy eie (2 Tim. 1:6). Dit bevat nie iets strydigs nie, maar wys eerder op aktiwiteit van die kant van die gemeente. En dit staan teenoor eise van kerke met die hiërargiese beginsel wat 'n ordening van bo af (biskop) as voorwaarde stel om dienswerk in die kerk te doen.

Hier is sprake van genadegawe of charisma. Dit wys op Timoteus se toerusting vir sy dienswerk — let op: dis in hom. Christus gee dit vir die werk in en deur sy gemeente; besonderlik, soos nodig en algemeen, aan elke gelowige (Ef. 4:11, 7); deur die Heilige Gees. So min gee dit rede tot verheffing dat Timoteus aangespoor moet word om dit aan te blaas — met die mens se eie verantwoordelikheid moet die vuur (van die Gees se gawe) aangewakker en nie langer gedoof

word nie (Ef. 4:30; 1 Tess. 5:19).

Timoteus is geneig om oorbeskeie te wees (2 Tim. 1:7). Maar God se gawe is 'n krag (2 Kor. 12:9 v.; Ef. 1:19; Ef. 3:16; Kol. 1:11, 29). Maar dan nie bruut of oordonderend nie (Rom. 5:5; 1 Kor. 13) maar juis in liefde — soos Christus se eie optrede (2 Tim. 1:13). Daarby nog met beheer oor jouself, wat nodig is voor jy met/oor andere wil praat en handel (2 Kor. 5:13 v.). Waar Timoteus geroep word tot dienswerk vir die Woord, desnoods soos Paulus in verdrukking, mag hy hom nooit vir die Evangelie skaam nie (2 Tim. 1:8; Markus 8:38).

## *Anker van die geloof*

Die gawe en toerusting van God het effek in die praktyk van die lewe. Paulus sê (2 Tim. 1:8): *dan* — as gevolg van die voorafgaande. Hierby moet ons let op 'n parallelle gebruik van woorde in wat gedoen en gevra word.

- o Paulus skaam hom nie (2 Tim. 1:12), soos blyk uit sy hele lewe en sy gevangenskap vir die Woord.

- — Timoteus word opgewek om hóm nie te skaam vir die verkondiging of vir die apostel wat die tronk sit nie (2 Tim. 1:8).

- o Paulus ly as gevolg van sy prediking (2 Kor. 12).

- — Timoteus moet bereid wees om, ondanks sy skugterheid, dit te doen.

- o Paulus weet dat die krag daartoe nie in homself lê nie, maar van God kom wat die apostel daartoe oorgehaal het (kyk Jer. 20:7).

- — Timoteus moet ook aanvaar dat God gee krag (dunamis — soos in dinamiet).

Nooit kan Paulus genoeg klem lê op die groot waarhede van die geloof nie:

- o God red en roep, nie omdat die mens se werke Hom daartoe bring of dwing nie. Dit begin by Hom en Hy voer dit uit (2 Tim. 1:9).
- o Die voorneme bestaan by God van oudsher af, Hy het dit heerlik beloof en toe in Jesus Christus aan die lig laat tree (2 Tim. 1:10).
- o Die dood het nie meer sy funeste en finale sê nie, maar is oorwen deur Christus se opstanding. Daarom is daar hoop in die Christelike lewe. Te meer waar die onverderflikheid van die nuwe lewe geblyk het — en hierdie woord gebruik net Paulus in die N.T. (Rom. 2:7; 1 Kor. 15:42; Ef. 6:24).

Dis belangrik om daarop te let dat Paulus sê hy glo in *iemand* en nie in *iets* nie (2 Tim. 1:12 : in wie). Die lewe word alleen verkry en behou deur die direkte lewensband met Christus (Joh. 15:4-5).

## *Wat om na te teken*

Paulus het grondslae van die wêreldkerk gelê. Beslissend is verder nie *wie* preek of regeer nie, maar dat aan die ware en regte leer vasgehou word. Dan alleen sal die kerk vanaf die tweede oor die volgende geslagte kan voortgaan.

Daarom praat die apostel van die *voorbeeld* van die gesonde woorde (2 Tim. 1:13). Dit stel voor: die sketslyne wat 'n argitek van 'n gebou maak voor daar met die uitgewerkte bouplanne begin word. Dus moet in die verkondiging nie wees blote *herhaling* van sy woorde nie, maar 'n voortsetting daarvan. Dis die pand (2 Tim. 1:14) of die geloofsinhoud wat in Timoteus se brose hande geplaas is. Die Heilige Gees woon egter in hom (en alle gelowiges) en gee krag om hierdie ontsaglike taak te volbring.

Die prediker moet dus die Woord uitlê en toepas.

## *Om in te spring*

Hoe en waar mense hulle van Paulus afgekeer het, weet ons nie. Hy sê *álmál* (2 Tim. 1:15). Dit verwys skynbaar na diegene van Asië wat in 'n bepaalde situasie in staat was om iets met/vir Paulus te doen. Die twee wat genoem is, kon die leiers gewees het. Dalk mense uit Asië wat hulle in Rome van die gevangene van die Evangelie afgekeer het?

Gelukkig het Onesiforus baie moeite gedoen om Paulus in die tronk te soek en besoek (2 Tim. 1:16-17). Daarmee het hy al in Efese begin — dié plek waar Timoteus werk en waar hy/hulle bekend is met sy optrede. Die sprake van sy *huis* (2 Tim. 1:16) laat raai dat hy dalk self in probleme gekom het, miskien nog deur sy hulp aan Paulus.

Timoteus moet die voorbeeld van goeie mense navolg, by Paulus aansluit, moontlik sy werk in Rome voortsit, en bereid wees om dieselfde lot te ondergaan as dit moet.

En ons?

# 2 Timoteus 2

## *Kragstasie en kraglyn*

Die ligte in ons huise kan skyn omdat dit met kraglyne aan die kragstasie verbind is. So ook kan Timoteus, of enige gelowige, die vermoë hê om sy roeping te vervul omdat hy deur die geloof by die kragbron Jesus Christus ingeskakel is.

Paulus wek Timoteus op om sterk te wees deur genade in Christus (2 Tim. 2:1). Hierby moet ons let op die volgende:

- Die God van Israel is die Almagtige, by Hom is krag en Hy doen wonders (Job 12; Jes. 40). Daarin verskil Hy van alle valse afgode. Hy is Skepper en Onderhouer van alles.
- Die Here Jesus, Seun van God en Verlosser van sondaars, kom in hierdie wêreld en Hy

is anders as waaraan die mense gewoond is. In Hom is die krag van God se Gees sodat Hy met gesag en mag (of krag) optree (Luk 4:14 en Luk 4:36; Luk 8:22-25).

- Die krag van Christus word die deel van gelowiges deur die werk van die Heilige Gees (Hand. 1:8; Hand. 2:17 e.v.; Hand. 3:16; Hand. 4:7).
- In Timoteus is 'n genadegawe van God en God het gegee 'n gees van krag en hy moet sy werk toegerus met krag doen (2 Tim. 1:6-8).

As Paulus sê Timoteus moet sterk wees (2 Tim. 2:1) staan daar in die Grieks dieselfde grondwoord, net in 'n ander vorm, vir krag. Dieselfde vind ons waar Paulus elders (Ef. 6:10 e.v.) praat van kragtig in die Here — om dit op te volg met die toerusting van die soldaat. En hier weer kom ter sprake die krygsman in sy optrede (2 Tim. 2:3-4). Die bevel (wees sterk) sê dat Timoteus nie net van God moet ontvang nie, maar die krag moet gebruik en ontplooi in God se diens (Rom. 4:20; Fil. 4:13). Die gelowige moet dus sorgdra dat die kraglyne na die kragbron stewig vas en sonder beletsel is (Ef. 4:30; 1 Tess. 5:19).

## *Taak en toerusting*

Die eerste Christene is onderrig deur Christus self of deur sy apostels wat by Hom was (1 Joh. 1). Hulle was egter sterflike mense — soos Paulus in 'n tronk in Rome wat weet die dood wag. Hy het op sy beurt andere geleer — soos Timoteus (2 Tim. 2:2). Veral toe hulle nog nie die volle Skrif gehad het nie, was dit belangrik dat die leerlinge sal leerkragte word.

Dis moontlik dat die apostel met *getroue manne* dink aan ouderlinge en diakens. Maar hierin kan ook iets van 'n teologiese opleiding wees. Hulle moet in elk geval getrou of betroubaar wees om die toevertroude te bewaar. En om vervolgens die Evangelie deur te gee. Dis nou meer uitgebreid as die voorbeeld, of vorm-en-lyn (2 Tim. 1:13).

Elke Christen het die onvermybare plig om die Woord van God verder te dra. Tog wys God ook besonderlik manne aan om spesifiek hierdie taak te vervul. Dis ook die plig van die gemeente om dié manne te onderhou (Gal 6:6).

## *Beelde en insig*

Bybelskrywers het graag beelde gebruik om daarmee bepaalde waarhede duidelik te laat spreek. Hier het Paulus nou drie beelde om sy boodskap aan Timoteus en vir die kerk oor te bring (2 Tim. 2:4-6). Net een of twee fasette spreek elkers.

- *Soldaat.* Hier val die nadruk op die totale oorgawe of toewyding aan sy taak, die aflê van eie begeerte, gehoor gee aan bevele en die gerigtheid op goedkeuring van die bevelvoerder. Dus: totale oorgawe en volharding, in die hoop op 'n goeie verhouding of aanprysing (kyk 2 Tim. 4:7-8).
- *Atleet,* deelnemer aan 'n wedstryd. Daar moet gelet word op die spelreëls of wettige voorskrifte (bv. lang en volkome toewyding aan oefening), wat inhou streng selfdissipline (kyk 1 Kor. 9:25).
- *Boer.* Die klem lê hier op die swaar sweetwerk wat gedoen word in afwagting op die oes, wat kom ná werk en eers wag (kyk 1 Tim. 4:10 : arbei en hoop).

Ridderbos sê die drie beelde maak saam twee sake uiters duidelik uit:

- *Eise word gestel* en die Christen moet hom heeltemal gee en nie vir die arbeid wegskram nie.
- *Daar is 'n uitsig:* goedkeuring, die krans van oorwinning, aandeel in die oes.

Hierby kan ons let op Matteus 25.

God moet deur sy genade die insig gee, maar die mens moet soek om dit van God deur sy Gees te verkry (2 Tim. 2:8; Markus 4:9; Openb. 2:7).

## *Heerlike tyding*

Twee keer kom Paulus met die opwekking om sekere sake nooit uit die gedagtes te laat raak nie (2 Tim. 2:8 — onthou; 2 Tim. 2:14 — herinner).

Die eerste keer gryp hy terug op die groot heilsfeit van Christus se koms (geslag van Dawid) en verlossingswerk soos dit kristalliseer in die opstanding. Nou mag dit teenstrydig lyk dat die apostel (as draer van verlossingsboodskap) swaarkry en tronksit, soos 'n groot boef. Die bevryding deur Christus beteken egter nie 'n einde aan alle worsteling en ellende nie, want dis van 'n ander orde en vir 'n nuwe koninkryk (Joh. 18:36). Selfs al word die verkondigers in boeie geslaan, ontneem dit nie die Woord sy vrye loop nie — dink aan Paulus in tronke (en sy briewe) en vele martelaars wat Christus aan hulle beule verkondig (Openb. 11). Daarom sê Paulus ook dat hy dit verdra vir die uitverkorenes (2 Tim. 2:10) — daaragter lê die hele gang van God se verkiesing deur die eeue en die inbring van dié wat nog nie glo nie (Hand. 13:46 e.v.).

Dan kom uitsprake oor die vastigheid van God se Woord en werk (2 Tim. 2:11-13). Dit mag uit 'n bekende lied toentertyd wees, maar in elk geval is dit ingepas by Paulus se styl. Treffend is die tyd van werkwoorde in die voorsinne in die Griekse taal:

- Gesterf *het* (verlede tyd), met Christus.
- *Verdra* (teenwoordige), wat tans ook gebeur.
- *Sal* verloën (toekomstig), dit kan gebeur en daarvoor moet ons waak. En om *verloën* te verstaan, let op Petrus en Jesus se uitdruklike waarskuwing (Matt. 10:33).

Die gedagte by die verloën is nie dat dit uit swakheid gebeur nie, maar uit ontrou. Maar daarby staan nog die grootheid van God se trou (2 Tim. 2:13). Dit is dan tot troos vir die verskrikte gewete — nie as 'n verlofbrief om maar te sondig nie (Rom. 3). Dit moet gedurigdeur in Timoteus se onderrig na vore kom — herinner (2 Tim. 2:14).

## *Waarheid en dwaling*

Die inspanning wat van 'n bedienaar van die Woord van God gevra word, is geweldig. Altyd staan hy voorop en laastens voor God — en nie soos 'n toneelspeler om mense se aandag te trek nie (2 Tim. 2:15). Sy eie lewe moet reg en voorbeeldig wees. Dit wat hy verkondig, moet laat blyk dat hy die Woord goed en reg vertolk. Die *reg sny* sê dat hy op die regte, suiwere, onvervalste manier met die Woord moet omgaan — dus steeds die juiste vertolking moet bied. Dis darem 'n groot taak wat die verkondiger het — eintlik só volgelaai dat ander takies liewer

afgeskuif moet word!

Twee keer word gewys op die gevaar van praatjies en strydvrae (2 Tim. 2:16, 2 Tim. 2:23). Daarby noem Paulus by naam twee mense wat verkeerde dinge voorstaan. Wat die hart van die Evangelie aantas en wat soos 'n kwaadaardige siekte in die kerkliggaam versprei, moet gewis teengegaan word. Himeneus bly skynbaar volhard met sy dwaalweg (1 Tim. 1:20), al het hy 'n ander medestander gekry. Hulle leer was moontlik dat die opstanding plaasvind in die vernuwing van wedergeboorte of bekering — maar as mense dán sterwe, is daar geen hoop meer vir die toekoms nie. In 'n poging om die aanstoot van die opstanding uit te skakel (Hand. 17:32; Hand. 26:23), word die geloof heeltemal omgekeer en nie stewig gebou nie.

Dit lyk tog uit Paulus se openlike bestryding van mense dat daar omstandighede kan wees dat verkeerde leringe in die openbaar weerspreek moet word. Soos Calvyn sê: "Gebreke van broeders moet wel bedek word, maar alleen as hulle besmetting nie verder gaan nie. Dreig gevaar egter vir vele, moet ons betyds die verborge kwaad blootstel!"

## *Moeilike opdrag*

Vaste bouwerk moet altyd in die kerk voortgaan. Paulus praat van 'n vaste fondament. Uitleggers sê dit kan wees: Christus (Ef. 2:20), die apostels en hulle woord (Ef. 2:20; Matt. 16:18) of die kerk self (1 Tim. 3:15). Calvyn meen dis die uitverkiesing. Hierby is stellig 'n heenwysing na Numeri 16 waar God duidelik die verkeerdes afgewys en getroues geken het. By Christus en die kerk is daar in elk geval sekerheid teenoor die verwarring by die dwaalleer.

Paulus beklemtoon daarby die geweldige roeping om met die sonde te breek en die heiligmaking te soek (2 Tim. 2:20-22; Hebr. 12). Elkeen het sy eie plig en een kerkmens kan nie wil steun op die goeie van die ander nie.

Timoteus is jonger as hy en moet ook breek met sondes wat meer by sy portuur voorkom (2 Tim. 2:22). Dit hoef nie net ten opsigte van sinlike begeertes te wees nie (soos vele meen). Dit kan ook wees ander trekke van jonger leeftyd soos ambisie, ongeduld, lief vir 'n twisgesprek of soek na nuwe afleidings. Dit blyk onder meer uit die positiewe wat daarteenoor gestel word (2 Tim. 2:22b).

'n Dienskneg van die Here moet daarby twee moeilike dinge saam kan doen:

- Strydvrae afwys, nie twis nie, maar juis vriendelik wees en veel kan verduur (2 Tim. 2:23 v.).
- Weerspanniges tog teregwys, maar dan in en met liefde, soos Christus (Matt. 11:29). Dit kan hulle lei tot verandering van insig (of bekering) om die waarheid te sien, weer nugter te raak nadat hulle dwelmslawe van die duiwel was (2 Tim. 2:25 v.).

Die mens kan arbei (en bid), God moet die bekering skenk.

# 2 Timoteus 3

## *Altyd stryd*

Die mens ken homself nie reg voordat hy nie op God gelet het nie. Soos iemand wat dink sy oë is goed en sterk as hy rondom hom kyk — maar as hy na die son opkyk, word sy oë verblind. So stel Calvyn sake in die begin van sy Institusie (1.1.2). Daarby nog dit: deur hoogmoed wat ons ingebore is, is ons altyd regverdig, wys en heilig in eie oë. Daarvan word ons net genees as ons God sien.

Hierdie saak blyk baie duidelik in wat Paulus aan Timoteus skryf. Hy wys op die grootte en toename van sondes onder mense wat lewe sonder God. Dit sal wees in die *laaste dae* (2 Tim. 3:1). Dieselfde woorde gebruik Petrus op die Pinksterdag (Hand. 2:17; kyk 2 Pet. 3:3). Dit sien op die toestand van die Christelike kerk in sy geheel, vanaf Pinkster tot die wederkoms. Daarom weet Timoteus ook daarvan. Die gestalte van die vyandskap teen God was altyd te sien. Al is daar ook dié eskatologiese element dat dit teen die einde groter in omvang en graad sal wees. Satan hou nooit op om die kerk te bestry nie, al kan die intensiteit van sy aanvalle wissel (2 Tess. 2; 1 Pet. 5).

## *Oppas vir afvalliges*

Die swaar tye word geteken deur 'n sondaarslys op te hang (2 Tim. 3:2-5). Die selfliefde van die mens is in sekere sin die oorsaak van al die ander sondes (Gen. 3) — want sulke mense matig hulle enigiets aan en gee nie om hoe dit andere tref nie.

Die Griekse woorde van Paulus stel sekere wanpraktyke duideliker aan die lig:

- Mense is *lief vir* hulleself, vir geld en vir genot en *nie lief vir* die goeie of God nie (2 Tim. 3:2-4). Ons sien dus dat materialisme (gebind aan geld en goed) staan teenoor vroomheid en beslis uitloop op ongodsdienstigheid.
- Grootpraat en trotswees gaan saam (kyk Rom. 1:30; Spr. 21:23-24; Hab. 2:4-5). Dit is van die slegte dinge wat uit die mens self kom (Markus 7:21). Daarom trek die tong in laster teen God los.
- Ongehoorsaam (aan ouers) word elders vir die opstand van mense (teen God) gebruik (Rom. 10:21). Dan volg vier woorde wat die slegte as 'n voorvoegsel teenoor die regte stel: ondankbaar (Luk 6:35), *on*heilig, ongevoelig, onversoenlik (2 Tim. 3:2-3). Daarby *kwaadspreker* wat as woord soms vir die duiwel gebruik word (Matt. 4). Dan weer: onbeheerst (bandeloos), ongetem (of onbeskaafd), onliefhebbend die goeie. Daarby nog veelseggend: verraaier (gebeur dit nie gou deur een wat net homself liefhet nie? — Luk 6:16; Hand. 7:52), roekelose (wat vooroor val), verwaand.

Skrifuitleggers verskil daaroor of dit wys na mense binne of buite die kerk. *Spain* sien dit as mense of voorwerpe van oneer (2 Tim. 2:20). Dis in elk geval sodaniges wat nog 'n sekere godsdienstigheid wil vertoon, al is dit net aan die buitekant, 'n leë dop (2 Tim. 3:5). Veelseggend dat nie net die heidene, wat God nie ken, sondes in die oorvloed het nie (Rom. 1:22). Ook hulle wat eens van God gehoor het en weet, raak so verdwaas en verwronge.

Dit kan enige tyd wees. Ook in ons dae. Ons sien baie daarvan, selfs by Afrikaners wat

daarmee spog dat ons 'n Christelike volk is.

## *Onderskei en afskei*

Die groot verskil tussen ware gelowiges en valse mense kom aan die lig. Die kontras lê in die *gedaante* en *krag* van die godsaligheid (2 Tim. 3:5). Die skynvromes hou vas aan 'n sekere vorm, wat beteken dat alles uitwendig is sonder enige inwendige oortuiging en werklike lewe daarvolgens (Jak. 2:26). Dis soos 'n vroom masker of mombakkies wat opgesit word, terwyl die werklike lewe anders is. Die krag (dunamis) is nie daar nie — die loodsliggie sê die oond is aangeskakel, maar die element brand nie en alles bly koud.

Timoteus en ander Christene moet die skeiding met sulke mense voltrek (2 Tim. 3:5; 2 Joh. 1:7-11). Veral as gelet word op hulle slinkse optrede. Hulle neem *arme vroue* of eenvoudige vroutjies gevange: deur met skelmstreke toegang tot huise te verkry en met allerlei dwaalleer goedgelowiges om te praat. Mens kan byna sê Paulus het vandag se Jehovah-getuies sien rondgaan en aanklop — dikwels as die man van die huis nie tuis is nie.

Veral waar vele Christene destyds pas uit die heidenwêreld gekom het, mag nog swaar laste op hulle gewetens gerus het (2 Tim. 3:6). Veral as die dwaalleraars nie sommer ingang in die gemeente gekry het nie, het hulle deur huisbesoek probeer (kyk Hand. 13:50; Hand. 16:16 e.v.; Openb. 2:20).

*Jannes* en *Jambres* kom op die toneel as teenspelers van Moses (2 Tim. 3:8). Hulle name kom nêrens elders in die Skrif voor nie. Wel in die Joodse tradisie — as towenaars by Farao (Ex. 7). Dit kan 'n sinspeling wees op die towenaars in Efese (Hand. 19:13, 19), dalk die werk van Himeneus (2 Tim. 2:17). Twee wêrelde (sê Knappe) staan daarmee teenoor mekaar:

- Dié van die geloof, om God te eer.
- Dié van menslike godsdienstigheid, van God weggedraai, wat soek om uit eie krag die dinge van God te bemagtig en daardeur, sonder om dit te vermoed, onder die heerskappy van duiwelse magte te kom. (Dink aan Saul en Judas.)

Die slinkse optrede van die dwaalleraars haal hulle egter in (2 Tim. 3:9). Grootdoenery mag aanvanklik mense imponeer en mislei, maar hulle dwaasheid blyk tog. God se waarheid het in Egipte geseëvier. So is Paulus oortuig, sal die Evangelie en sy boodskap oorwen.

Christene moet dus steeds goed onderskei en hulle nie laat beetneem, selfs nie deur allerlei sogenaamde tekens of wonderlike dinge (bv. genesings) nie. Daar is ook allerhande dinge wat Satan kan doen (2 Tess. 2:9-10; Matt. 24:5, 11, 24; Openb. 16:14).

## *Goed opgelei, aanhou stry*

Lank en breedvoerig het die apostel oor die gevare en moeilikhede in die bedieningswerk gehandel (2 Tim. 2:14; 2 Tim. 3:9). Nou kom hy weer direk terug na Timoteus. Twee keer (2 Tim. 3:10, 2 Tim. 3:14) sê hy eerste in die sin: *Jy* — ons kan dit só lees: *Jy egter* (teenoor al die verkeerde, is anders). Die besondere verhouding tussen hierdie twee diensknegte van Christus bepaal optrede en uitslag. Calvyn sê Timoteus is nie meer 'n rekruut (of jong dienspligtige) nie, maar is reeds lankal en goed deur Paulus opgelei. Besonderlik haal Paulus gebeure tydens

sy eerste reis op. Dit was grondliggende werk vir die Christelike kerk onder heidene. Maar juis toe is Timoteus betrek en hy weet van die gevaarvolle tog van Paulus (Hd. 13 e.v.). Watter ontsettende dinge het die apostel nie alles ervaar nie (2 Kor. 12) en op dié pad moet Timoteus hom volg! So ook elkeen wat Christus ken en dien (2 Tim. 3:12). Waar hy terugkyk, sien Paulus dat God telkens genadig was en hom verlos het (kyk 2 Tim. 4:17 v., 2 Tess. 3:2; Matt. 27:43; ook Ps. 34:19 [Ps. 34:18] en Hand. 14:22). Waar hy nou voor die lydensdood staan (2 Tim. 4:6), is dit 'n heerlike troos dat die Here sy lewe en lot in sy hande het. Dus al stel die Christen hom bloot aan gevare, oorkoepel God se sorg en bewaring alles, selfs die dood. God se beskerming vrywaar dus nie van teenslae, beproewing of selfs vervolging nie. Wel dat Hy lei, deur doodskaduwees (Ps. 23:1-6) en dood heen. Want Christus het die dood oorwen en Hy regeer. Veral vir die beskroomde Timoteus is dit van die grootste belang vir sy toekomswerk.

## *Tuis in die Skrifte*

Die dwaalleraars kom met groot vertoon en spog met voortreflikheid (2 Tim. 3:13). Timoteus is anders opgelei en moet bly by wat hy onderrig is (2 Tim. 3:14). Hy het dit van jongs af geleer (2 Tim. 3:15) — dit wys stellig op kennis van die Ou Testament deur sy ma en ouma, want dis daaruit wat Joodse kinders leer lees het. (Hoe waardevol lewenslank is kennis wat 'n vrou aan haar kind kan oordra!) Daarby kom egter ook al die leermeesters wat die jonger man in die Christelike geloof gehad het. Dink maar aan Paulus en baie van sy medewerkers. Die belangrike is hierby weer die apostoliese gesag waarmee die Evangelie aan hom gebring is.

Die eenheid van die Ou en Nuwe Testament in die geheel van die Skrif kom ook hiermee na vore. Ridderbos sê dat Paulus in sy briewe self wys op die Christelike geloof in die lig van die O.T. En hy voeg by: Want alleen in die groot geheel van God se heilswerk en openbaring word die ware en alomvattende strekking geopenbaar van wat in Christus gebeur het, ook die onderskeiding en verdediging van die waarheid teenoor die dwaalleer...

## *Wat ons alles moet leer*

"Die hele Skrif is deur God ingegee..." (2 Tim. 3:16) is in baie opsigte een van die sleuteltekste van die Bybel — oor die God-inblasing of inspirasie van die Skrif. Soveel van wat ons oor die Bybel glo, hang met hierdie deel saam. Dit kan op verskeie maniere gelees word:

- Elke besondere Skrifplek of die hele Skrif. Die laaste meer moontlik na 2 Tim. 3:15, en sê dan: Alles wat tot vermelde skrifte behoort.
- Elke Godingegewe Skrif is ook nuttig of die hele Skrif is deur God ingegee. Weer is die laaste in die verband (vss. 15 en 17 [2 Tim. 3:15, 2 Tim. 3:17]) die beste.

Die woord *God-ingegee, God-geblaas* kom net hier in die Nuwe Testament voor. Die woord vir *wind* en *gees* is dieselfde in Grieks (let op Pinkstergebeure) en in Hebreeus (O.T.). Daarom word hierin gelees die werking van God se Gees om skrywers — soos Paulus in sy briewe aan Timoteus — te bekwaam om in en deur hulle gedagtes juis woorde van God vir alle tye neer te skryf. Daaraan ontleen die Skrif sy gesag: dis Woord van God. Die Ou Testament het op sy eie manier ook al hierdie waarheid verkondig (Eks. 20:1; 2 Sam. 23:2; Jes. 21:17; Jer. 1:4, Jer. 1:9; Sag. 7:12).

Die funksie van hierdie Woord word op verskillende maniere aangedui:

- *Lering.* Geen mens het die waarheid uit homself nie
- (1Tim. 3; 1 Tim. 4:13).
- *Weerlegging.* Jy ken jouself net in die lig van God
- se onderrig (kyk Matt. 18:15;  1Tim. 5:20).
- *Teregwysing.* Reg lei (kyk 2 Tim. 2:15; Heb 12:12).
- *Onderwysing.* Om reg te leer (2 Tim. 3:15; Ef. 6:4).

Die bedoeling is die heil van die mens in sy dienswerk voor God. Dit gaan hier nie net om Timoteus as een wat die Woord moet bedien nie, maar om elke Christen. Net hier (en 1 Tim. 6:11) word hierdie erenaam vermeld — want dit verbind die mens direk aan sy God, sê dat dit sy eintlike wese bepaal en roep die mens om in alles daaraan te beantwoord. In elk geval deur uit te munt in goeie werke (2 Tim. 3:17). Calvyn sê hierby: Die Skrif is genoeg tot volmaaktheid en wie nie daarmee tevrede is nie, soek meer wysheid as wat goed is.

Kan ons maar net doen wat die Skrif ons voorhou, hoeveel beter sou dit in ons kerke wees en, deur die invloed van die kerk, in die wêreld!

# 2 Timoteus 4

## *Nooit klaar nie*

Twee mense kan na dieselfde ding kyk en tog elkeen iets verskillends sien. Dan hang dit af van die aandag waarmee jy kyk, van die geestelike ingesteldheid wat agter die oog verskuil is. So was dit volgens die Skrif met Paulus en Demas.

Die apostel kyk na hierdie wêreld en weet dit behoort, ten spyte van baie dinge, aan God en sy Christus wat weer na hierdie aarde terugkom. Dit bepaal sy uitsig en sy hele lewensoptrede.

Hy het gestel (2 Tim. 3:16 v.) wat die wese en waarde van die Skrif is. Nou bepaal hy wat Timoteus met dié Skrif moet doen (2 Tim. 4:1-2). Hy *besweer* hom — bind 'n saak voor God op sy hart (1 Tim. 5:21; 1 Tim. 6:13). Dit geld vir God wat nie ver en vreemd is aan hierdie wêreld nie, soos blyk uit die newe-stelling van Jesus Christus. *Sy verskyning* geld van sy eerste (2 Tim. 1:10) of wederkoms (2 Tess. 2:), met die klem hier op die terugkeer. Die koninkryk is gevestig deur sy lewe en werk (Joh. 18:26 v.), maar die volheid breek eers aan na sy terugkeer en die vernuwing van alles. Paulus se eie slegte toestand en Timoteus se werk, staan alles onder hierdie ewigheidslig.

Die mense vergeet God se saak so gou en daarom moet dit telkens weer onder die aandag kom. Soos 'n koning sy aankondiger of herout het, doen die verkondiger dit vir Christus. Paulus mag wegval, maar God se werk gaan deur totdat Christus kom — dis die geweldige taak van die Woordbedienaar, nie om die Woord te bewys nie maar dit bekend te stel. *Tydig* en *ontydig* (2 Tim. 4:2) geld vir homself en vir die hoorders — of dit hom en hulle nou al pas of nie. Dis tog al 'n vingerwysing oor die tweede erediens, wat sommige mense vir hulleself afgeskaf het en party kerke ook! Ook sê dit hoe noodsaaklik huisbesoek vir almal is.
Wat en hoe hoor ons?

Met die Woord in die hand, stap die bedienaar deur tyd en land. Hy moet verder

- ... *weerlê:* alle dwaalleer dus afwys;
- ... *bestraf:* die klem lê op die berispende element in die prediking en optrede, teen foute in lewe en leer (en altyd nodig deur die sonde);
- ... *vermaan:* beroep doen op gewete en wil, maar ook troos by bevangenheid in skuld bring.

Die manier waarop dit gebeur, is belangrik omdat die dienskneg self sondaar is. In alles moet die element van *lering* sit: om insig in die Woord te gee. Altyd moet dit egter deur 'n mooi en goeie optrede gedra wees. Baie geduld met die sondaar, afwysing van sonde.

Was daar ooit 'n tyd dat mense hulle vermanings laat welgeval? Seker nie, maar Paulus dui aan (2 Tim. 4:3) dat dit vorentoe steeds erger word. Ons dae lewer die bewys! Omdat mense nie verdra dat hulle daaroor aangespreek word nie. Hulle ore moet net so liggies gekielie word — die dawerende klanke van God se oordele moet nie daarteen druis nie. Waar mense nie meer *teologie* (leer oor God) wil hoor nie, gryp hulle noodwendig 'n *ideologie* (leer van menslike idees) of selfs 'n *egologie* (leer van die self) aan. Anders gesê (Knappe): *Wie van God afvál met die mening dat hy vry word, raak altyd van mense afhanklik.* Nog erger: die duiwel sorg dat daar genoeg leermeesters is vir hulle wat nie na God wil hoor nie.

Die klemtoon val hierby op die mense wat sulke leraars soek (of skep). Daarby gaan dit om bevrediging van nuuskierigheid en seker wel sensasiesug. Dis egter 'n verlegging uit die grootpad van God en voer beslis nie vanself weer na die hoofpad toe terug nie. Dink net hoe maklik loop mense agter allerlei "wonderdoeners" en spesiale predikers aan, om die gewone bediening van die Woord te verag.

## *Opdrag van bedienaars*

Die bedienaar van die Woord moet ook en besonderlik op sy roeping let (2 Tim. 4:5). Sondaarmense bly afhanklik van preke (2 Tim. 4:2) en as die prediker verslap of insink — of in allerlei ander dinge verdrink — ly die gemeente van God onteenseglik skade. Daarom wek Paulus vir Timoteus besonderlik weer op *(Jy egter* — 2 Tim. 3:10, 2 Tim. 3:14). Daar is vier sake waarop hy besonderlik moet let:

- o *Nugter wees.* Onttrek aan bedwelming van die dwalinge en die soek na nuwighede (kyk 1 Tess. 5:6, 8). Hy moet in staat wees om die erns van die tyd en die inhoud van die Evangelie goed te onderskei.
- o *Ly verdrukking.* Dit vloei sommer uit die eerste voort, want die kerk is vreemd in die wêreld en wie teenstaan, kry self teenstand. Ly ons in Suid-Afrika dalk daaraan dat ons nie so wil ly nie?
- o *Werk as evangelis.* Timoteus het vir sy tyd sy taak gehad om met die Woord altyd verder te gaan. Nou word hy bemoedig en sy hoorders aangespoor om ag te gee.
- o *Vervul jou bediening.* Die volle omvang van sy opdrag moet steeds volywerig nagekom word, sonder aarseling of ophou.

Hiervoor moet 'n gemeente saamstry in gebed.

## *Die dood deurgekyk*

Die rede waarom Timoteus moet hard werk en gou maak (2 Tim. 4:9, 2 Tim. 4:21) is dat Paulus verseker weet dat sy lewenseinde naby is (2 Tim. 4:6 — *want).* Die deel wat volg, is nog 'n sterk bewys van die egtheid van hierdie brief.

Sommige verklaarders sien die *uitgiet* (2 Tim. 4:6; Fil. 2:17) as 'n aanwysing van die gewelddadigheid van sy dood. Dis egter nie baie waarskynlik nie. Dit dui eerder aan hoe sy hele lewe oorgegee en juis in sy dood uitgegiet is, soos 'n drankoffer, in diens van God (hierby Ps. 36:9, 10 [Ps. 36:8-9]; 2 Sam. 23:15-17).

Verder sê hy sy *heengaan* is naby. Die woord geld in die grondtaal ook van die wegvaar van 'n skip of die opbreek van 'n tent. Calvyn sien dit ook as uiting van die geloof: die dood is nie ondergang nie maar losmaak van die gees van die liggaam.

Daarby kom 'n opsomming van sy lewe en 'n gelukwense met sy nabye dood (2 Tim. 4:7-8).

- *Goeie stryd* (1 Tim. 6:12), in militêre sin of as stoeiery. Nie *my* stryd nie, maar *die* stryd wat dus as taak of roeping aan hom opgedra is, soos aan alle Christene (1 Kor. 9:24 v.; 2 Tim. 2:5).
- *Wedloop voltooi.* Die beeld word voortgesit (kyk Hand. 13:25; Hand. 20:24) en daarby dieselfde woord as toe die Here Jesus van *volbring* gemeld het (Joh. 19:30) en aandui: die doel is bereik.
- *Geloof behou.* Ten spyte van al sy teenslae en worstelinge het hy die geloof (waarmee hy aan God vashou) nie prysgegee nie.

Sommiges reken Paulus kan hier nie praat oor wat hy gedoen het nie, omdat dit sou beteken 'n roem in eie werke en aanspraak op beloning. Die hele brief wys dit egter af dat Paulus in homself sal roem (2 Tim. 3:15; 2 Tim. 4:18). Daar is egter die persoonlike verantwoordelikheid van die Christen en daarby — hoe onverdiend en onbegryplik ook al — die beloning deur God uit genade, sonder dat die mens daarop wil of kan aanspraak maak (Matt. 25:21-29; Matt. 25:35-40).

Daarom meld hy met dankbaarheid die kroon wat God vir hom weggebêre het (kyk Joh. 14). Dink daaraan: Paulus staan voor die dood, maar sien net heerlikheid en Christus se koms. Calvyn stel: *Die wêreld sou reken Paulus se lewe misluk, maar hy jubel deur die geloof oor die oorwinning.* Nie net vir hom nie, maar vir enigeen en almal wat in die geloof aan Christus verbind is en op Hom wag.

## *Mense weg, bystand gesoek*

Paulus glo en sien Christus, en is bereid om daarvoor te sterwe. Demas sien ook dat die lewe in geloof sware offers vra — om dan weg te draai en weg te loop (2 Tim. 4:10). Hoeveel is daar vandag wat ter wille van gerief en gemak, en om verdrukking te ontkom, nie *deur* die wêreld en sy verbygaande aard kan sien nie?

*Crescens* het waarskynlik met 'n opdrag na Galasië gegaan. (Sommiges wil dit verstaan as

Gallië of Frankryk.) *Titus* is stellig weg om nog 'n taak te volbring. *Lukas* is nog daar — seker so iets as 'n lyfarts van Paulus, wat 'n dokter sou nodig hê. *Markus* was eens vervreemd van Paulus (Hand. 15:38 v.). Maar reeds by sy eerste gevangenskap weer by (Kol. 4:10) en nou kan hy goed diens doen (2 Tim. 4:11). *Tigikus* moet moontlik die brief self na Timoteus in Efese oordra. *Alexander* (dalk van Hand. 19:33) het 'n gevaarlike rol gespeel en soos die Ou-Testamentiese vrome beroep Paulus hom op God (Ps. 62:13 [Ps. 62:12]).

Hy praat ook van sy eerste verdediging — seker in dieselfde gevangenskap, as voorlopige verhoor, en nie van paar jare tevore nie. Dié (in Rome) wat kon help, wou nie. En ás Petrus eerste biskop van Rome was (soos die Roomse beweer), bevat dit 'n skerp teregwysing na sy kant toe ook.

Daar moet haas in Timoteus se koms wees — Paulus is oud, sy dood is aanstaande en reise in die winter (2 Tim. 4:21) vol probleme (Hand. 27:9-20). Dit kan 'n rede wees waarom Timoteus ook die reismantel (of dikker kledingstuk) en sekere boeke (volgeskryf of om op te skryf) moet bring. Die *werk* moet voortgaan; Timoteus sal dit moet voortsit.

## *Lewe deur sterwe heen*

"Veilig in God se hande, in tyd en ewigheid". Dis Paulus se belydenis. Mense mag teleurstel, maar God nooit nie — selfs al moet hy vir Christus sterwe.

Die eerste keer was Paulus se posisie in Rome nie so sleg nie (Hd. 28). Moontlik het hy nie kans gehad om oor die Evangelie voor die keiser te getuig nie. Toe is hy weer gevang (miskien nog in Griekeland — Korinte) en daarna kon hy tot in die hoogste kringe van die heidene getuig (2 Tim. 4:17). Die *bek van die leeu* is seker 'n beeld wat wys op die mag en woede van die Romeinse keiser en sy ryk — en nie 'n leeu nie, want Romeinse burgers is eintlik nie voor die leeus gegooi nie — of dit wys op die duiwel self (1 Pet. 5:8).

Twee Skrifgedeeltes kan heel gepas hierby (2 Tim. 4:17-18) raakgesien word. Dis dan Psalm 22 (veral Ps. 22:1, 4-5, 21, 23, 27-28) en die Onse Vader (Matt. 6). Calvyn sê ook: *Hoofsaak is nie liggaamlike behoud nie, maar om in die geloof te bly staan.*

Paulus sien, deur hierdie lewe en die graf heen, Christus wat oorwen. Voor sy dood hef hy nog 'n lofsegging aan (2 Tim. 4:18) en verseker van God en sy genade (2 Tim. 4:22).

Om só te sterwe is om te lewe!

## BOEKE wat geraadpleeg is/kan word:

BOUMA, C: De brieven van den apostel Paulus aan Timotheus en Titus (Amsterdam, Bottenburg, 1942).

BOUMA, C: I, II Timotheus en Titus; Filemon (Kampen, Kok, 1937. Korte Verklaring).

CALVYN, J.: Uitlegging van de Pastorale brieven. Vertaal deur H. Schroten (Kampen, Kok, 1966).

GUTHRIE, D.: The Pastoral epistles; an introduction and commentary (London, Tyndale Press, 1957).

HENDRIKSEN, W.: 1 & 2 Timothy and Titus (Edinburgh, Banner of Truth Trust, c 1957, 1976. New Testament Commentary).

KNAPPE, W.: Die Briefe an Timotheus und Titus (Leipzig, Schloessmans Verlagsbuchhandlung, 1937. Neutestamentische Reihe, Band 13).

REUSS, J.: The first and the second epistle to Timothy (New York, Herder & Herder, 1969. New Testament for spiritual reading).

RIDDERBOS, HERMAN: De Pastorale brieven (Kampen, Kok, 1967).

SCHÜTZ, E.: Werdende Kirche im Neuen Testament; eine Einführung in die Pastoralbriefe (Kassel, Oncken Verlag, 1969. Kleine Kasseler Bibelhefte).

SPAIN, C: The letters of Paul to Timothy and Titus (Austin, Tex., Sweet, 1970. The Living Word Commentary).